





Net soos 'n nag volg op
die dag so volg 'n dag
op elke nag.

Nooit is 'n nag so don-
ker, dig, of érens skyn
'n Ster se lig.

Kersgroete en Nuwejaarsboodskappe

Van ons Kommandant- Generaal

Geagte mnr. Redakteur,
U vra 'n boodskap vir u laaste 1943-
nommer, en ek bedien my met dank
van die geleentheid.

Ek voel dat menig medestryder en
kameraad nie net die besef moet kry
van wat in die toekoms verhoop kan
word nie — die gebruklike Nuwejaars-
boodskap — maar veral moet besef
word van wat in die tot dusver afge-
lope stryd behaal is — 'n soort van
Oujaars-boodskap. Mòre duik nie van-
self op nie; dit groei organies uit van-
dag en gister. „In het verleden ligt
het heden, in vandag, wat komen zal”.
Sover die mens kan oordeel sal 1944
aangetree word deur die stryd van
1943, en met 1943 se voorbereiding.

Daarom herhaal ek: u kan die toe-
koms se kans en moontlikhede skat
slegs as u besef wat u tot dusver be-
reik het. En u het een en almal tot
dusver enorm veel bereik en die dank
van die komende republiek verdien,
dubbel en dwars verdien in moete en
in stryd en in volharding.

As soldate van die Republiek, wat
reeds jare in konsentrasiekampe en
troukselle van die Empire sit, as hulle
in die vyfde oorlogsjaar die boodskap
uitstuur „sê vir ons broers en ons sus-
ters wat daarbuite veg — ons sal g'n
aparte vrede met die vyand sluit hier
binne nie”. — As dit in die vyfde oor-
logsjaar die sie van die Ossewabrand-
wag aandui hoef niemand aan die einde
van hierdie stryd te twyfel nie. Die
Ossewabrandwag gaan wen. Hy gaan
wen omdat hy nie anders kan nie. Hy
verstaan eenvoudig nie hoe om te ver-
loor nie.

Baie mense, goeie mense, is jammer
daaroor dat die oorwinning wat voor-
lê nie drie jaar gelede gekom het nie,
„toe ons almal bymekaar was”. Maar
was ons werklik, innerlik bymekaar?

Ek meen dat ons met deemoed en
met dankbaarheid leer insien het, dat
dit so moes kom, dit kon nie anders
nie. Uit die kwade word die goede
gebore. Dit moes so kom. Waarom?
Omdat groot dinge voorlê en omdat
die Ossewabrandwag van destyds teen
sulke dinge innerlik nie opgewasse ge-
blyk het nie. Ons was 'n lompe lig-
gaam, deurspek van paniekerige ele-
mente wat verskrik word deur elke
nuwe skinderstorie wat 'n sluwe vyand
in ons geledere slinger, en wat ooploop
gaan vir elke „ultimatum” wat party-
politici aan ons rig. Met sulke ligge-
loewes kan mens nie historiese take
aandurf nie. Met hul kon mens feeste
vier — maar nie gevegte voor nie.
Verliefte lang en taai gevegte nie.

Nee, die beproewings wat die Bewe-
ging moes deurmaak — noodregulasies,
vervolg, weglug verbloem as „be-
dankings” e.d.m. het ons gebrei, nie
ons gebreek nie — „'n deel van daar-
die krag wat steeds ten kwade streef,
en steeds ten goede weef”.

Want die Ossewabrandwag vandag
is waaragtiglik goed en edel, geagte
mede-Afrikaners. Goed, byna verby-
sterend goed, in die selflose offerbaar-
digheid en stilswygende volharding van
tienduizende Afrikaners, mans en vrou-
ens en kinders in elke provinsie —
tienduizende wat deur vyf jaar van
vervolg saamgeswys is tot 'n lots-
gemeenskap wat net een aardse liefde
het, die Afrikanerdom; en net een
aardse trou het, die Republiek van die
Afrikanerdom, wat dit vir die Volk

(Vervolg op bls. 11, kol. 1)

Van ons A.K.G.

Met groot dankbaarheid kan ons lede
terugkyk op die afgelope jaar, wat,
ondanks al die stryd en ontberinge, vir
ons die bevestiging van die bestaans-
reg van ons Volksbeweging geblyk het.
Die vyande het na 'n verwoede en ge-
wetenlose stryd met die magtigste mid-
dele denkbaar, nie geslaag om die
Ossewabrandwag te vernietig of on-
skadelik te maak nie.

Die O.B. het onoorwinlik geblyk.
Die jaar 1943 het die uitbouing van die
Ossewabrandwag tot die kragkern van
die Afrikaanse Volksbeweging geken-
merk en die hegte konsolidasie van
die kommando-organisasie sien bereik.

In hegte broerskap reik ons nou
mekaar die hand, getrou aan die ge-
lofte: „Ek sal my mede-Afrikaner
help en beskerm; ek sal hom nooit in
die stryd verlaat, of aan vyand of
vreemdeling uitlewer nie.”

As Organisasieleier van ons Volks-
beweging dank ek al die offisiere en
brandwagte vir hul opofferende diens
vir God, Land en Volk. In woord en
daad is gehandhaaf ons nasionale en
sosiale leuse: een vir almal en almal
vir een.

By hierdie geleentheid wens ek alle
offisiere en brandwagte deur die langte
en breedte van ons Vaderland die ryk-
ste seën vir Kersfees en Nuwejaar toe
te wens, die geluk en welsyn wat ons
as Ossewabrandwag nastrewe vir alle
volksgenote in ons vaderland.

Ek wens u almal sterkte toe in die
stryd vir ons lewensideale. Die groot-
ste en tewens enigste beloning is die
kennis dat jy jou plig gedoen het en
die tweede dat jy vir jou nageslag die
oorwinning daardeur behaal.

Een vir almal en almal vir een.

J. A. SMITH.

Adjunk-Komdt.-generaal.

Van Genl. Mev. Dr. J. S. du Toit

Met „Stille nag, heilige nag” kom
Kersfees weer hierdie jaar na die ver-
wyderde lede van gesinne en volkere
om te herinner aan die dieper bande
wat die een aan die ander bind. Van-
uit die loopgrawe, vanuit die kasernes,
vanaf slagvelde en beleërde stede sal
met die woorde van die ou Kersfees-
lied gedagtes gaan na die huislike
kring van weleer, destyds nog vol-
tallig, tans reeds vir tyd of ewigheid
verbreek.

Binne die strydende Afrikanerdom
is daar seker geen nouer bande as dié
wat die Ossewabrandwag bind aan sy
vegtende geledere nie, daardie enke-
linge en die gesinne van hulle wat ly
vir die Brandwagideaal. Want met
hierdie Kersfees is daar veel gebroke
geledere en oral die leë plekke van
hulle wat in kampe en tronke die
magte van die Empire uitart met 'n
moed en 'n wil wat alle Brandwagte,
die wat hulle so mag noem, en dié vir
wie die naam nie gegun word nie, tot
die oorwinning besiel.

Laat ons hierdie jaar met die wens
van „Geseënde Kersfees” mekaar die
hand reik, gereed om die groot offers
waardig te wees, sterker in moed,
vaster in geloof, gereed om te volhard
tot die einde toe; dan sal ons óf hier-
die óf 'n later Kersfees as Kersge-
skenk aan almal wat geoffer het nie
alleen ons dank kan bied nie maar ook
die loure van die oorwinning.

Van Ds. S. J. Stander . . .

Aan die Kommandant-Generaal, die
Adjunk-Kommandant-Generaal, Ge-
biedsleiers, Afdelingshoofde, Offisiere,
Brandwagte (manne en vroue), Boere-
jeug en alle O.B.-lede, en O.B.-gesindes
— Heil!

Kersfees en Nuwejaar is weer op
hande en nog woed verwoesting en
menseslagting onverminderd voort op
die ou aarde, terwyl in ons volksboe-
sem woeling, gisting en onderlinge ge-
skil aan die orde is, wat as gevolg het
'n pynlike en kragteloos-makende open-
baring van verdeeldheid na buite.

Hierdie toestand onder ons volk is
die gevolg van indringing van buite
wat vreemd is.

Oor die 1940 jaar gelede het God
Sy Seun na 'n moed en afgematte we-
reld gestuur, Wie se koms deur hemel-
se heroute aangekondig is met: „Vrede
op aarde!”

Ons herdink daardie geseënde koms
met 'n sug en bede in die hart: „Ag,
wanneer? Hoe lank nog sal die vrede
en vryheid uitbly?”

Oor die 1940 jaar is die apostels van
die Here Jesus Christus besig om die
boodskap van vrede uit te dra onder
mense en ag, by hoe weinig en hoe
min het dit nog weerklink gevind!
Tog gaan hulle nog steeds voort met
onversagde moed en onverminderde
ywer omdat hulle oortuig is: „Wie
aanhou wen uiteindelik.”

Ons is nog maar 'n korte vier jaar
besig met ons vredesboodskap onder
ons volk op nasionaal gebied en die
aanduiding van die weg daartoe, nl.
deur die gemeenskaplike en saambin-
dende by ons volk te beklemtoon in
teestelling met die party-verdelende
verskille.

Negentienhonderd-drie-en-veertig jaar
staan die Christus gedagte en
klop aan menshartte en nog het
Hy nie moedeloos teruggetree omdat
Hy so min byval gevind het en soveel
teëgestaan is nie. Hy dring nog steeds
aan om toelating. Hy hoop en bid nog

Van Gebiedsgenl. en Mev. J. F. v. d. Merwe . . .

Aan u vroue, kinders en moeders
van gevangenes, geïnterneerdes en
voortvlugtiges van Gebied C wil ons
graag 'n spesiale woordjie rig.

Vir u was dit 'n smartvolle jaar, vol
opoffering en ontberinge, as gevolg
van die gemis van hulle wie vir u dier-
baar is, en dikwels onder treurige om-
standighede moes u van hulle afskeid
neem. Ons weet u dra u las met lof
en eer, en u laat u vyande nie oor u
juig nie.

In menige oog van vrou en moeder
het ons al die vasberadenheid, eie aan
die Boervrou gesien, en weet dat die
oog die aarde van die siel weerspieël.

Mag ons aller Vader u begenadig
en versterk, u bemoeid en laat vol-
hard, sodat u as getroue nageslag van
vrome voorouers, steeds die roem van
die Boerevolk bly. Mag Hy u van
alles wat nodig is voorsien, u, u gesin
en familie ryklik seën met gesondheid
en u beloon met die keure van Sy seën-
inge.

Mag u 'n baie geseënde Kersfees en
gelukkige Nuwejaar tegemoet gaan, en
u dierbares gou weer ontmoet in vry-
heid.

Ons weet dat u gaan wen, want u
naam is Vrou en Moeder.

steeds. Hy dink nie aan moed opgee
nie. Hy moet en sal oorwin, want Hy
is reg en die enigste reddende gedagte.
Sal ons na slegs vier jaar se inspan-
ning in moedeloosheid die vlag stryk?


Nee. Ons is besig met die Volks-
gedagte wat tegelyk die Natuur, die
Skryftuur- en die Godsgedagte is vir
ons volk en daarom lag triomf ons in
die verskiet toe en nie neerlaag nie.

Vrede, oortuiging, vasberadenheid
en geesdrif in u almal se harte is my
Kers- en Nuwejaarswens en bede vir
u almal.

S. J. STANDER.

Potchefstroom,

Sonnige tabakblare rus in geurige ou
wynvate. Onverstoord word hul ryper en
ryper totdat u die volmaak geurige beleë
kwaliteit van drordy-tabak kry.



drordy die rypste
tabak bekend.

drordy TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

AVBOB...

oor die hele Unie EERSTE

met sy

BEGRAFNISFONDS
BEGRAFNISSE
GRAFSTENE
KRANSE



AFRIKAANSE VERBOND BEGRAFNIS-
ONDERNEMING, BEPERK

Hoofkantoor:

BLOEMFONTEIN

120

Takke

Heilwense!

*Langs hierdie weg wens ons
al ons ondersteuners van harte
te bedank vir hulle ondersteu-
ning in die afgelope jaar*

**ONS WENS U ALMAL 'N GESE "NDE
KERSFEES EN 'N BAIE
VOORSPOEDIGE NUWEJAAR**

VAN ZYL'S

PAARL PORTERVILLE

Mansuistrusters en Kleremakers

*Herstel en hersnaring van Rakette
'n Spesialiteit*

GROOT VERSKEIDENHEID
RAKETTE ALTYD IN VOORRAAD

Raadpleeg ons vir al u

SPORT-BENODIGHED

Ook die Empire staan in die Tekens van die Tyd

Vooraanstaande Engelsman Erken Rewolusie van die Twintigste Eeu

Onderstaande is vertaalde aanhalings uit 'n artikel van J. B. Priestley in „Picture Post” van 27 Junie 1942 wat onomstootlik getuig dat die rewolusie van die 20ste eeu ook in Engeland sy dinamiese reaksie teen sosiale wanverhoudings en begrippe het. Voor genl. Smuts nog die omgag van die Empire by implikasie amptelik bevestig het, het die heer Priestley al die gevare van die nasionale frustrasie in Engeland ingesien en die volgende geskryf:

„... Geld as maatstaf is aan die verdwyn. U kan b.v. vandag nie meer petrol verkry net omdat u dit kan bekostig om petrol te koop nie. U kan petrol alleenlik verkry indien u kan bewys dat u dit in belang van die gemeenskap sal gebruik...

„... Baie dinge wat voor die oorlog in ons gemeenskap as kenmerkend Engels beskou was deur die hele wêreld, was niks anders nie as 'n semi-toedale vergulsel en oorpleistering van die ysterdraagbalke van 'n gevoellose en onnossele industriële plutokrasie. Dit was inderdaad 'n ellendige verval-sing. Kan al hierdie onsin weer teruggebring word? Is daar miskien êrens aan die anderkant van die dreunende oorlogsfabriek en gebombardeerde gebiede nog iets oor van hierdie verflenterde en idiotiese maskerade-bal wat klaarstaan om weer sy ver-skyning te maak? Kan dit wees dat die opvyselende en babbelsieke skrywers van kletspraatjies alreeds weer besig is om hul potlode skerp te maak en hul broeke glad te stryk?

„Vir my skyn soets ondenkbaar te wees. Indien die toekoms afhanklik moes wees van mense selfs van my leeftyd, sou ek daar nie alte seker van gewees het nie, maar die toekoms is afhanklik van die jongmense. Aan die jeug van hierdie land is reeds vir 'n lang tyd 'n rat voor die oë gedraai deur aan hulle slegs **Besittings** aan te bied in stede van **Skepping**. Wat alle jongmense, wat werklik hul sout werd is, eintlik wil hê, is nie soseer om iets te kan erf en te besit nie, maar die geleentheid om skeppend op te tree. Ons het heelwat te sê oor veilige waarborge as iets wat ons moet besit; maar selfs soets as veiligheid word allereers geëis, nie deur die jeug nie, maar wel deur mense van middelbare leeftyd en deur bekommerde en verantwoordelike persone met gesinne. Die jeug is nie meer gewillig om net rond te sit en wag dat die een of ander ouer persoon moet doodgaan nie. Die jeug wil aktief en bedrywig wees en al hul kragte inspan om 'n edel gemeenskaplike doel na te strew. Ek kan derhalwe nie glo dat die jongmense wat tans by miljoene agter ons oorlogspoging georganiseerd staan, tevrede sal wees om net 'n karige bestaan te maak en as toeskouers op te tree by die een of ander ou verwelkte maatskaplike vertoning nie. Hulle sal die vraag stel: „Wat doen ons eintlik nou?” En as van hulle verlang word om in 'n hoekie te sit onderwyl ou Lord Blimp en Sir Midas Bogus die klok gaan agteruitsit, sal hulle in heftige opstand kom. Dan sal daar 'n rewolusie wees van 'n aard wat die meeste van ons graag sou wil ontwyk.

Die veranderinge waarmee ons 'n begin gemaak het, moet voortgaan

„Hierdie oorlog het ons wakker geskud, en ons moet wakker bly. Wat ons nou eens en vir altyd moet besluit, is om nie toe te laat dat, sodra Hitler en Kie, van die baan is, enigeen mag sê nie: „Nou kan julle maar verslap en dit aan ons oorlaat”. Sonder om af te wyk, moet ons voortgaan van die oorlogspoging tot die vredespoging. Presies soos ons die samelewing opsetlik ongeskep het om die uitdaging van 'n algehele oorlog te aanvaar, net so moet ons aanhou om dit om te skep ten einde die nuwe vredesuitdagings die hoof te bied. Ons moet selfs meer skeppend en meer dinamies optree. En as van die afgematte oumense nie daarvan hou nie, kan hulle maar gerus vir hulle oppak en in die Suidsee-eilande gaan woon.

In die Tory-pers verskyn daar tans reeds briewe wat vir ons waarsku dat

ons ná die oorlog geen Utopia moet verwag nie. Maar wie het nou eintlik van 'n Utopia gepraat en wêreld het weer dat ons almal in rykdom gaan lewe? Allereers is dit geensins die vraag of ons ryk of arm gaan wees nie, maar of ons 'n selfsugtige, inhellige, pruttelende en aaklig-vervelende individue-massa gaan wees of 'n volk met 'n doel voor oë, om nl. saam te werk in belang van die gemeenskap. Hoewel ek graag sou wil sien dat in my materiële behoeftes voorsien word, is ek nogtans bereid om vir die res van my lewe gerantsoeneer te bly mits ek 'n lid kan wees van 'n gemeenskap wat besig is om 'n nuwe en beter samelewing te skep. Dit is ook die gevoelens van die meeste van ons en ons wil nie langer in 'n verrotte gemeenskap voortbestaan nie.

„Sodra dit vir ons nie langer nodig is om ons beste tyd en middele aan die vervaardiging van vernietigings-werktuie te bestee nie, kan ons die kwaliteit van ons volkslewe begin verbeter. En sodanige verbetering is dringend nodig. Voor die oorlog het ons vir Rusland jare agteruitgestaan wat ons kindersorg betref, vir Swede in die verskaffing van goedkoop geriewe en vir Amerika in dinge soos arbeid-besparende uitvindings. Ons opvoedingstelsel was beroerd sleg en onnywerheidstede totaal ongeskik as woonbuurte. Ons was besig om ons pragtige plattelandstreke vinnig te vernieer. Die merendeel van ons bevolking het in hul lewens minder poësie, minder sang en minder vrolikheid gehad as die gemiddelde Afrikaanse negerstam. Iedere jaar het ons reusagtige somme aan allerhande soorte bedwelkende middels verkwis, en ons het in die menigvaldigste soorte van onsinnege taboe, snobisme en arguistiese prulwerk verwickeld geraak.”

Dit is voorwaar sterk nasionaal-sosialistiese taal daardie!

Waar die Partypolitiek Afwesig is

„Hierdie selfde Vrystaat het, afgesien van moeilikhede met die Basoeto's, vreedsaam ontwikkel. Die onrus wat partypolitiek ken, het nie die een buurman teen die ander opgesweep nie. Op landbougebied was daar vordering te bespeur, en wat die onderwys betref, was die model-republiek die res van Suid-Afrika voor, want een-derde van die inkomste is bestee aan die geestesontwikkeling van die jeug.” (Uit Generaal J. B. M. Hertzog deur C. M. van den Heever.)

Duistere Vooruitsigte


In sy toespraak waarin hy gewag gemaak het van die moontlikheid dat soldate by private mense ingekwartier sal word, het min. H. G. Lawrence ook meegedeel dat 132,000 blanke soldate by die Burgerlike Herindieningsraad geregistreer is. „Dit is my oortuiging dat die huidige ekonomiese bedrywighede van die land onvoldoende is om werk vir hierdie groot aantal persone te bied en dat bykomende werkgeleentheid geskep sal moet word,” het hy gesê.

As mens let hoe daar vandag al gesukkel word om vir ontslane soldate werk te verskaf, dan is al die vroom praatjies van na-oorlogse werkverskaffing en voeding twak waarmee net die blindste onder die blindes gegag sal kan word.

Die O.B.-Wapen Versinnebeeld Ons Volksbeweging

Nuwe Wapen Ontwerp

Elke volk het 'n simbool wat die verlede, hede en strewe van sy volksbestaan vertolk en wat as banier dien waaronder hy in sy lewensstryd marsjeer. Elke deel van hierdie nasionale embleem is die manifestasie van 'n histories-ontplooiende karaktertrek. Daarom is dit so noodsaaklik om die simbool suiwer te hou. In die lig hiervan verskyn onderstaande artikel as leidraad om die betekenis van die dinamiese simbool van ons volksbeweging te verstaan.



Die O.B.-wapen soos hierby afgedruk, het 'n bepaalde betekenis en selfs ook al 'n geskiedenis aan hom verbonde.

Dit is deur die stigter ontwerp met 'n doelbewuste betekenis, en simboliseer die verlede en die toekoms van die Afrikanervolksbeweging.

Totale verandering of afwyking vind maklik plaas. Op die Vrystaatse Wapen was oorspronklik 'n olyfboom wat deur oortekening van die vrugte aan die boom, 'n lemoenboom geword het en dit gebly het. Netso byv. het die Brit se luiperd allens van gedaante verander tot die „British Lion”. 'n Mens wil dan ook liever jouself as 'n „leeu” in plaas van 'n kat of luiperd voordoën.

Verkeerde oortekening is oorsaak dat die wa op 'n sekere uitgawe van Transvaalse posseëls twee disselbome gekry het. Om sulke afwykings te voorkom, word dan 'n behoorlik goed getekende ontwerp van die amptelike Wapen bewaar. Vlae verander soms ook as amptelik nie noukeurig toesig gehou word wat afmetings, verhoudings en ook selfs kleur betref nie. Die Nederlandse vlag byv. was oranje, wit en blou wat naderhand rooi, wit en blou geword het.

Intyd die kort tyd van die bestaan van ons O.B.-wapen is daar weens oortekening en vervaardiging heelwat veranderings aan die ontwerp en selfs simbole aangebring. Die berg op die agtergrond, agter die wa, b.v., was bedoel as Amajuba. Op sommige wapens het dit Tafelberg geword. Tussen die speke van die wiel is die kleure groen, oranje, blou en rooi later ingesit om die vier Provinsies aan te dui. Nog later het die vier kleure van ons vlag daar verskyn.

Op sommige het die arend op die wiel met hangende vlerke en op ander met uitgespreide vlerke gepryk. Op andere was die arend kleiner in verhouding tot die wiel en op sommige groter.

Die afbeelding, of liever, voorstelling van die arend het baie gewissel. Soms het die beeld meer op 'n duif, kraai, of selfs swaeltjie gelyk; soms onskadelik, mak en onindrukwekkend; soms kwaai en meer beduidend.

DIE HERALDIEK

Ooreenkomstig die eeuoue gebruik of sogenaamde reëls van die heraldiek het sekere dinge op wapens 'n bepaalde betekenis gekry. By voorbeeld, 'n leeu op 'n skild met 'n toe-bek en hang-stert het klaarblyklik 'n ander betekenis as 'n leeu met oop-bek wat sy tong uitsteek en sy stert krul. Laasgenoemde staan daar as 'n „pure man”, en simboliseer volkome selfstandigheid, asook gereedheid om te veg. Kwaai is hy selfs soos op sommige nasies se wapens, as hy op sy agterpote met 'n lang krul-tong, skerp slagande en nie alleen rooi uitgestrekte naels stap nie, maar ekstra- of gepantserde naels het om des te geweldig te kan veg. (In die geval van die leeu met rooi- of pantser-naels is die betekenis natuurlik die teenoorgestelde as die rooi naels van sommige dames teenswoordig). Hierdie kwaai voorstelling, weer in teenstelling met die dames, vind 'n mens ook in die rooi lippe of bek van die leeu. So ook is die verskil in die betekenis van die simbool, die arend, nl. die

onskadelik-mak arend met geslote bek in teenstelling met een met oop dreigende bek en rooi tong soos van die meer manhaftige arend; die hangvlerke en uitgestrekte vlerke, met groot rooi naels of kloue. Die wyse dus waarop o.a. 'n dier op 'n wapen afgebeeld word — en hy word altyd sterk gestileer, m.a.w. as simbool waarvoor hy gebruik word — is taamlik onnatuurlik. Hy is dan meer as 'n voël. 'n Natuurlike of realistiese voorstelling simboliseer niks meer as die dier self nie en is maar net 'n tekening van die dier en nie van wat die dier of voël veronderstel word om te simboliseer nie.

UNIE-WAPEN VAN SUID-AFRIKA

Op die Unie-wapen van Suid-Afrika staan twee wildsbokke weerskante van 'n skild. Hul sterte hang, hulle is „druip-stert”, want hulle verskyn op die wapen van 'n gebonde staat. Die leeu bo-op staan met 'n toe-bek sonder uitgespreide naels. Hy is mak en versigtig. Na die Statuut van Westminster en die Status-wet, egter, het genl. Hertzog opdrag aan die Kollege vir Heraldiek gegee om die wapen ooreenkomstig die nuwe status van die Unie te verander. Die ontwerp is voltooi en ontvang en moet vandag êrens in 'n laai van die Eerste Minister om „politieke” redes lê. Op hierdie nuwe status-wapen pronk die twee gemsbokke met opgekrulde sterte en die ou „hou-jou-bek-leeu” brullend met 'n oop bek, krul-tong en kwaai naels!

Hierdie aanmerkings dien net om lesers te laat begryp hoe sekuur 'n afbeelding van 'n wapen se simbole moet wees om die regte en bedoelde betekenis daarvan aan die wêreld, die vyand of vreemdeling te vertolk.

BETEKENISVOL

Daar is onder ons Afrikaners min mense wat op hierdie vir-ouer-nasies-betekenisvolle kenmerke van wapens let. Vyand en vreemdeling sien sommer gou of die ding „stert tussen die bene” of uitdagend is. Daarvan lei die vyand en vreemdeling af of hy op jou kop kan gaan sit en of hy 'n oorveeg gaan kry as hy dit maar net probeer.

VLAE

Aan die gebruik van vlae en hoe hulle hang, teen die muur, of aan 'n stok, word ewe-eens groot betekenis geheg. Oeneer word aangedui as b.v. die vlag onderstebo hang; in die geval van die O.B.-vlag as die blou baan b.v. bo en die oranje baan onder sou wees.

Hang die vlag regaf teen die muur as dekorasie in 'n saal, moet die oranje baan vir die persoon wat daarna kyk aan die linkerkant wees. So is daar baie dinge wat deur die wyse van gebruik van 'n vlag aangedui word. Ruimte ontbreek om al die erkende reëls in verband met die gebruik van 'n vlag hier te noem. Daaroor meer by 'n volgende geleentheid.


WAPENS

Naas die vlag, die hoogste simbool van selfstandigheid, is die Wapen.

Daarom mag 'n Wapen nie op 'n vlag, in ons geval op ons Vlekleur, aangebring word nie. Die vlag is die hoogste en komplette simbool vanself.

Die Wapen kan egter en behoort op sekere baniere (wat nie wapperende doeke, nl. vlae, is nie) te verskyn. Daar is egter verskeie vorms van toelaatbare baniere, met of sonder die bekende O.B.-spreuk. Hierdie spreuk is nie deel van die Wapen nie. 'n Wapen van metaal, by voorkeur, kan ook as borsspel, in die knoopsgat of aan die das of hoed gedra word. In die geval van die Ossewabrandwag is dit deur 'n sogenaamde Noodregulasie (Vervolg op bls. 4, kol. 1)

Voortrekker-motorklub Beperk.



Die eerste suiver Afrikaanse motorvereniging wat binne twee jaar van sy bestaan die uitgangspunt geword het van die stigting van die EERSTE AFRIKAANSE NIE-TARIEFMOTORVERSEKERINGSMAATSKAPPY.

'n Unieke Prestasie op die Gebied van Versekeringswese. 'n Voorwaartse Stap, 'n Wending in die Rigting van die Afrikaner se Ekonomiese Selfstandigwording. Doen u mee aan die Ekonomiese Optog? Die V-M-K het reeds by duisende Afrikaner-motoreienaars instelling geword. Tel u onder die Trek-kertal wat nou na die 13.000 merk styg?

HOOFKANTOOR VAN DIE V-M-K en VLAM:
Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad. Posbus 2043

TAKKANTORE:
JOHANNESBURG: Spoorbondkasegebou, De Villiersstraat. Posbus 1093.
BLOEMFONTEIN: Sasbankgebou, Maitlandstraat. Posbus 383.
PORT ELIZABETH: C.M.L.-gebou, Markplein. Posbus 840

Stel u self tevrede dat 'n Afrikaanse Motorversekeringsmaatskappy u die gewildste polis kan aanbied — teen 'n spesiale korting.



VAN RIEBEECK-TRUST
MAATSKAPPY BEPERK
SECURITY GEBOU (GRONOVLEI)
REGOOR CARLICKS
KAAPSTAD

Opgerig kragtens Maatskappywet No. 46 van 1926.



TE KOOP

VAN RIEBEECK-TRUSTMAATSKAPPY BEPERK bied aan:

Die **BESTE PRODUSERENDE PLASE** met waardevolle verbeterings, in die omgewing **BELLVILLE — MALMESBURY — DIE PAARL — SOMERSET-WES — STELLENBOSCH — DIE STRAND — TULBAGH — VILLIERSDORP — WELLINGTON** en hele **KAAPLAND**.

DIE BESTE KOPIES WORD DEUR ONS GEREEL.

WOONHUISE in Kaapstad, Voorstede en omliggende dorpe teen die **BILLIKSTE PRYSE**.

Om verdere besonderhede doen aansoek by:

Van Riebeeck-Trustmaatskappy Beperk

SECURITY-GEBOU, Bus 1527, Foon 3-0764, **KAAPSTAD**; of sy Takkantore, Voortrekkerweg, Bus 48, Foon 9-7222, **BELLVILLE**; en Michaustraat 11, Bus 56, Foon 178, **DIE STRAND**.

TOT U DIENS!!


Reeds vir twee jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel

ONS MAAK MEUBELS

VANAF DIE SLAAPKAMER TOT BY DIE KOMBUIS

*Wanneer u meubels bestel of van u handelaar koop
sorg dat ons naam daarop is*

S
T
I
N
K
H
O
U
T



M
E
U
B
E
L
S

'N SPESIALITEIT

LAAG-TE PRYSE

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak

Meyer en Ferreira

Laer Hoofweg 287

OBSERVATORY

Die O.B.-Wapen

(Vervolg van bla. 3, kol. 2)

verbied om so gedra te word. Die H.N.P., die Kommunistiese Party en ander soortgelyke aan dieselfde demokratiese-partywese-verwante organisasies en sogenaande onskuldige liggame val nie onder hierdie „demokratiese” beperking wat die dra van hul tekens betref nie. Hulle is geen aktiwiste nie!

NUWE WAPEN-ONTWERP

Weens die afwykings en teneinde eenvormigheid te handhaaf, is deur die Groot Raad besluit om 'n gestandiseerde O.B.-Wapen te ontwerp. 'n Eenkleurige afdruk van hierdie gestandiseerde Wapen verskyn nou in hierdie uitgawe.

Die enigste kleure daarvan is swart en rooi, hier en daar. Tussen die welspeke uit is verwyder die ou „Provinsiale kleure” omdat die Provinsiale skeidslyne wat die O.B. betref vir goed uitgewis is en die O.B. organisatories 'n unitêre vorm aangeneem het.

Die verhoudings van die Wapen is nou vasgestel, nl. dat die breedte gemeet van die punte van die vlerke, in verhouding tot die hoogte, d.i. van die onderkant van die wiel tot op die kop van die arend, dié is van 20 tot 12. Byv. as die breedte 20 duim, halfduime of kwartduime is, sal die hoogte 12 duim, halfduime of kwartduime wees. Watter maat-eenheid — en dit hang van die grootte van die Wapen af wat 'n mens wil maak — ookal gebruik word, moet die verhouding dieselfde bly. Of 'n mens nou 5 duim by 3 duim gebruik, dus duime as eenhede, of halfduime, kwartduime of kleiner eenhede, dit moet in die verhouding van 5 tot 3 wees.

DIE SIMBOLIEK

Die O.B.-Wapen is saamgestel uit die volgende simbole:

1. Die Wiel. Dit versinnebeeld die voorspelling van Andries Pretorius (Kommandant-Generaal van die Voortrekkers) wat verklaar het: „eendag sal 'n wiel begin rol deur Suid-Afrika wat geen mag sal kan stuit nie”.

2. Die Voortrekkerwa. Die wa „was die wieg van ons nasie en die draer van sy vryheidsgees”.

3. Amajuba. Die deurslaggewende veldslag in die Eerste Vryheidsoorlog is daar gelewer en bly as „die groot glanspunt in die vryheidstryd van die Afrikaner” die besieling van ons Beweging.

4. Die Arend. 'n Arend was op die Wapen van die Kruger-republiek. Dit is of was die oorheersende simbool in die Wapen van die latere De Wet-regiment en is deur die stigter van die Ossewabrandwag oorgeneem van die wapen van dié regiment waaraan hy behoort het. Die arend met uitgestrekte vlerke simboliseer „opvarende met krag na die hoogtes” (Jesaja 40: 31).


Bostaande simbole is vasgelê in die O.B.-wapen en nou so saamgestel dat die geheel 'n mees indrukwekkende en besielende sinnebeeld is van die geskiedenis, strewe en ideaal van ons volk, soos georganiseer in die Volksbeweging. Ons kan meedeel dat hierdie gestandiseerde ontwerp van die Wapen, die besonderhede daarvan en voorskrifte in verband daarmee, van nouaf geldig is vir ons Volksbeweging.

DIE ONTWERP

Aangesien egter verskeie ander en ouer vorms op baniere, briefhoofde, amptelike stukke en selfs op vlae voorkom, sal hul gebruik, solank hulle bestaan, of daar nog voorrade op hande is, ook nog steeds geldig bly. (Nuwe skryfblokke byv. sal nie beskikbaar gestel word solank die ander nog verkrygbaar is nie.)

Vir alle nuwe drukwerk, baniere of versiering egter sal die gestandiseerde ontwerp gebruik moet word en alsoo mettertyd die oues vir amptelike gebruik vervang. Hulle het egter 'n historiese betekenis en waarde gekry en sal as sodanig gewaardeer word omdat hulle ons aan die verlede van ons stryd herinner. Die nuwe ontwerp daarenteen lui vir ons die vyfde jaar en toekoms in, die keerpunt in ons stryd tot oorwinning. Vaster, kragtiger, sterker en sierliker soos die Os-

HELDEDAG-OPTOG IN PRETORIA !



By geleentheid van die optog met Heldenag laaslede in Pretoria het die O.B. Kommando's die grootste aandag getrek en verreweg die grootste deel van die stoet uitgemaak. Hulle is gelei deur die O.B. Boerejeugorkes. Die orkes en voerpunt is op die foto te sien. Onmiddellik agter die orkes is die Kommandant-Generaal met sy gevolg.

sewabrandwag, so ook het sy simbool, die Wapen nou geword.

Die Wa was vir ons wieg, huis, skans gewees;

Ook was hy draer van ons Vryheidsgees.

Die Wiel, spoortrappend diep het hy geroel en sal hy rollend bly.

'Majuba! berg wat oor ons velde troon, Jou kruin het heldemoed gekroon.

En soos met vlerke van die Arend, hoër styg en hoog opvarend,

styg ons hoër, na wat ons wag.

God gee ons daartoe moed en krag om vryheid vir ons volk te kry,

en vir die Land waarin ons bly.

J. A. S.

Van Voorslag (Edms.) Bpk.

Die direksie en bestuur van Voorslag (Edms.) Bpk., wil hiermee hulle vele ondersteuners, intekenare en Adverteerders van harte bedank vir hulle gewaardeerde ondersteuning in die afgelope jaar, en hulle 'n baie gesênde kersfees en voorspoedige nuwejaar toewens.

VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES, ens.—kondig dit aan in DIE O.B.


Nuwe Prysllys van Skoolboeke uitgegee deur

Pro Ecclesia - Drukkery

AFRIKAANS: —

Afrikaanse Spraakkuns, deur prof. dr. A. C. Bouman en prof. dr. E. C. Pienaar. (Nuwe Edisie, bevat oefeninge)	5/-
Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, deur prof. dr. S. F. N. Gie. ('n Standaard Werk)	6/-
Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel II, deur prof. dr. S. F. N. Gie. ('n Standaard Werk)	7/6
Geskiedenis van Suid-Afrika (1700—1914), deur Eric Stockenström, B.A. ..	7/-
Europase Geskiedenis (1775—1919), deur Eric Stockenström, B.A. ..	6/6
Geskiedenis-handboek vir die Junior Sertifikaat, deur Eric Stockenström, B.A.	5/6
Historiese Atlas van S.A., deur Eric Stockenström, B.A.	20/-
Aardrykskunde en Geskiedenis, vir Standaards VII en VIII, deur Eric Stockenström, B.A.	6/6
Die Renaissance, vir Standaards VII en VIII, deur Eric Stockenström, B.A.	1/4
Die Verdedigingsstelsel aan die Kaap, onder die H.O.I. Kom. (1652—1759), deur P. E. Roux, M.A.	7/6
Trigonometrie, deur dr. E. T. Stegmann	4/6
Meetkunde vir Junior- en Senior-Sertifikaat (volgens die nuwe syllabus) deur Du Toit en Pretorius	6/6
„Per Aspera”, Eerste jaar Latynse Lees en Grammatika-Handboek, deur J. J. Strasheim, M.A., met die medewerking van prof. P. van Braam, Ph.D.	4/6
Natuurkundige Terme (Engels-Afrikaans), deur D. J. du Plessis, B.A. (Lektor in Skeikunde, P.U.K.)	1/-
Liggaamsopvoeding in die Skool, deur dr. A. Oberholzer	5/-
Ou Volke en Lande, deur dr. S. F. N. Gie	3/6
Inleiding tot die Studie van Suid-Sotho, deur dr. B. I. C. van Eeden ..	11/9
Experimentele Physiologie, deur dr. H. E. Brink	10/6
Praktiese Physiologie, deur dr. H. E. Brink	5/-
Menslike Physiologie, deur dr. H. E. Brink	20/-
Stamregering by die Thlamping, deur dr. F. J. Language	5/-

Hoe om te Studeer, deur dr. K. W. Heese	1/3
Landbou vir Junior-Sertifikaat, deur C. Viljoen	6/-
Beknopte Leerboek oor die Natuurkunde, deur prof. W. E. Malherbe. Oor die 300 bladsye, ryk geïllustreer	12/6
Inleiding tot die Natuurwetenskappe, bewerk en uitgebrei tot en vir Matriek, deur prof. W. E. Malherbe, prof. dr. C. D. van der Merwe en prof. dr. D. F. du Toit. (Ryk geïllustreer en baie oefeninge) ..	7/6
Landbou-bakteriologie, deur prof. dr. P. A. van der Byl en prof. dr. I. de V. Malherbe	12/6
Fiesiese Gemie, deur prof. dr. D. F. du Toit	10/6
Handboek oor Wynbou, deur prof. dr. A. I. Perold. (Ryk geïllustreer. 'n Standaard werk)	17/6
Mietes en Sages (geïllustreer), deur mev. dr. P. van Braam	6/6
Suid-Afrikaanse Soogdiere (Leesboek), deur dr. C. S. Grobbelaar, met 'n voorwoord deur prof. J. J. Smith. (Ryk geïllustreer)	6/6
Skandinawiese Vertelling, deur prof. A. C. Bouman, Litt.D., en dr. C. I. S. de Villiers, M.A., Ph.D.	5/6
Vername Persone uit die S.A. Geskiedenis, Deel I, deur Eric Stockenström, B.A.	6/6
ENGELS — ENGLISH: —	
New Matriculation History (Part I), by Eric Stockenström, B.A.	5/6
New Matriculation History (Part II), by Eric Stockenström, B.A.	6/6
History Handbook for Junior Certificate, by Eric Stockenström, B.A. ..	5/6
Geometry for Junior and Senior Certificate (New Syllabus), by Du Toit and Pretorius	6/6
Trigonometry, by dr. E. T. Stegmann	3/9
Common Idiomatic Phrases for Matriculation Students, by Rev. P. J. Loseby, M.A.	2/6
LIEDEREBUNDELS: —	
Volksliedere (Deel I)	2/-
Volksliedere (Deel II)	2/9
Twintig Skoolliedjies (met Solfa en Aksies)	3/-
Nuwe Volkspoeie, deur H. Morrison en De Villiers	4/3



Terwyl die mans van die Stellenbosche Studentekommando's werk, spin die dames onder die skaduryke bome. Hul leuse is: „Ons arbei in die diens van die volk!”

ARBEID IN DIENS VAN DIE VOLK

Studente-Kommandos Leef Diensideaal Uit

Gedurende die afgelope vier maande het die Stellenbosche Studente-O.B.-kommando meegedoen in 'n nuwe proefneming om volksdiens te bevorder, nl. om die arbeidsideaal gedurende die semester te propageer en 'op 'n praktiese wyse uit te bou, en gedurende die vakansies arbeidsdienskampe te reël.

Die eerste deel van die proefneming bestaan daarin dat verskillende werks-groepe uit die Kommando's gestig word, elkeen met sy afsonderlike ploegbaas. Elke ploeg bestaan uit 'n onbepaalde aantal arbeiders saam gegroepeer volgens die aard van hul bekwaamheid. So is daar 'n tuinbou-, 'n boerehulp-, en 'n handwerk-groep gestig, terwyl 'n dramatiese en ander groepe in die vooruitsig gestel is. Hierdie verskillende groepe word konstitusioneel gekoördineer deur die hoofploegbaas wat verantwoordelik is aan die arbeidsdiensleier wie verantwoordelik is vir die aanknoop van eksterne konneksies vir die doel van arbeidsdiens. Die doel van die werk wat gedoen word is om die studente in die geleentheid te stel om deur middel van arbeid geld in te samel wat in diens van hul volk bestee kan word, want aangesien studente nie verdien nie, kan hulle nie geld lewer nie, maar wel hul arbeid.

Waar die eerste deel van die onder-neming gedurende die semester kan plaasvind, kan die tweede deel alleen gedurende die vakansies gehou word. Kampe word gereël waarvan die hoofdoel arbeid is, maar dit word vir die arbeiders saans om die kampvure en andersinds so aangenaam moontlik ge-maak.

Die kampe is die belangrikste akti-witeit van die arbeidsdiens aangesien dit vir die jeug van baie groot opvoed-kundige waarde kan wees: Eerstens het die arbeid 'n ekonomiese waarde. Die geld hieruit verkry kan in 'n ar-beidsdiensfonds gestort word en hieruit kan geld oorgeskryf word aan die Noodhulpfonds en later selfs, as die fonds sterk genoeg is, kan lenings aan jong Afrikaners uitbetaal word om sodoende dit moontlik te maak vir 'n groter deel van ons volk om die uni-versiteit by te woon — kan 'n student groter volksdiens lewer?

Die arbeid het ook 'n opvoedkundige waarde; die strenge toetse wat die arbeid aan die arbeiders stel, laat gou blyk wat daar in 'n man steek en onder omstandighede waar almal swaarkry word daar nie mooiweersvriendskappe gesmee nie maar blywende vriendskap-pe waardeur daar baie gou 'n gemeen-skapsgevoel aangekweek word van een vir almal en almal vir een. Alle klas-se-verskil word uitgewis aangesien ryk man en arm man se seun een en die-selwde werk doen met een en dieselfde ideaal. Verder word dissipline inge-skerp omdat die arbeiders gedurende die arbeidstyd en selfs daarna onder strenge dissipline staan.

Die eksperiment is toegepas op Franschhoek toe lede van die Stellenbosche O.B.-Kommando's aan die Mo-nument-terrein op Franschhoek gaan werk het. Alle eer kom hulle toe, want hulle het eerdermoeg ineenge-

sak dan om in te gee. Hulle het die eksperiment laat slaag, selfs al was die hande so seer dat hulle skaars aan 'n pik kon vat. Vandag is hulle trots op hul werk maar nog meer trots dat hulle 'n offer vir hul volk kon bring.

DIE ONTSLANE GEÏNTERNEERDES

Werkverskaffing en Verblyfplek

Daar is etlike gevalle van geïnter-neerdes wat op sekere voorwaardes uit die Koffiefonteinkamp losgelaat sal word as daar vir hulle 'n tuiste, deur die Owerheid goedgekeur, gevind kan word, m.a.w. waar hulle onder sekere beperkings moet bly. In sommige ge-valle word hulle toegelaat om min of meer op dieselfde voorwaardes as die Italiane op plase te werk.

Hierdie feite word onder die aandag van die lesers gebring in die hoop dat ons volksgenote in die kampe langs hierdie weg uitkoms kan kry.

Die plek en persoon onder wie se sorg sulke geïnterneerdes geplaas sal word, moet deur die owerheid goedge-keur word. Hulle moet hul name, adres en beroep meld en dit aan die Gebiedsleier, genl. J. F. v. d. Merwe, Posbus 668, Bloemfontein, stuur, wat verder handelend sal optree.

MOOI SO, VELDSKOEN-KRING !

Op 20 Februarie van hierdie jaar het 'n klein klompie Afrikaners van Oudtshoorn wat hulleself beskryf het as „hande-werkers”, onderneem om weekliks van hul lone af te knyp om bydraes te stuur aan die Noodhulp-fonds. Onder die benaming „Veldskoekring” is hulle eerste bydrae van 14/6 klokslag weekliks deur ander opgevolg. Hierdie kring wat op datum ongeveer vier-en-veertig lede tel, het in die afge-lope jaar 'n bedrag van £17-8-11 inge-samel.

Veldkt. S. J. Niemand wat namens hulle skryf, voeg by sy „beste kers-wense”, die volgende: „Ons wil ons gesamentlike dank uitspreek dat ons nog in staat was om dit te kan bydra tot 'n waaragtige volksaak”.

DIE O.B. IN DIE VAKANSIE

Tussen Dingaansdag en Nuwe-jaar sal daar geen uitgawes van Die O.B. wees nie. Op 15 Desember verskyn egter 'n vergrote uit-gawe wat benewens gewone orga-nisasie-nuus ook 'n aantal interes-sante artikels van leidende per-soonlikhede sal bevat.

„IN DIE MENSE 'N WELBEHAET”

(Vervolg van bls. 6, kol. 4)

uit en dit sal triomferend steeds heer-liker klink totdat dit vervuld vervang sal word deur die lied van die gesalig-des uit elke volk en taal en naste.

Ook die kern van die Afrikanervolk sal daar staan omstraal deur die liefde van God, nie net gered en geïnspireer deur die evangelie van daardie eerste Kersnag nie maar verheerlik tot die lewe van die ewige dag.



KERSGESKENKE

★ ★ ★

GOEDKOOP en DUURSAAM

★

Silwerpleet
Kommetjies

6/- elk. Posgeld 6d.

★

Sleutel-Kettinge

1/6 elk. Posgeld 2d

★

Dit is u laaste geleent-
heid om Voortrekker Aan-
denkings te verkry.



Uniewinkel

Kerkstraat PRETORIA
Benoni, Vereeniging, Johannesburg, Kaapstad.

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE!!! SCHOEMANELLO DRANK

	PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in geneigde kissies van 12 bottels.	PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kisse van 12 bottels.	PER GELLING.—In 5-gel. vaatlje of meer.
WINE:			
Fonkelwyn	5/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraal-Cocktail	3/6	3/-	—
Likeurwyn en Ou Port	2/-	1/8	8/6
Jeripigo Rool en Wit	1/3	1/2	6/-
Soet Muskadel en Port	1/2	1/1	5/6
Worc. Hock en Pontak	1/1	1/-	5/-
Spesiale Sjerrie	1/-	11d.	4/9
Sjerrie	11d.	10d.	4/3
BRANDEWYNE:			
Schoemanello	7/6	6/6	38/-
Ekstra Spesiaal	7/-	6/3	34/-
Brandewyn, F.C.	6/6	6/-	33/-
LIKEUR-BRANDEWYN:			
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum	6/6	5/6	31/-
JENEVER LIKEURS:			
Lemoen en Suurlemoen	7/6	6/6	—
Jenever	7/6	6/6	—

Voeg by 3/- vir kisse en bottels, en 12/6 vir vaatlje wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kisse drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-3-0 behoort te neem (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kisse verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatljes of groter. U kisse van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:—K.M.B. plus trekgeld na syllyn. K.B.A. plus treknommis-sie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

JURGENS SCHOEMAN
POSBUS 142 OUDTSHOORN

AAN AL MY KLIENTE MY HARTLIKE DANK VIR HULLE GEWAARDEERDE ONDERSTEUNING IN DIE AFGE-LOPE JAAR.
EK WENS U EEN EN ALMAL 'N GESEENDE KERSEFEES EN VOORSPOED EN GELUK IN DIE NUWEJAAR.

DIE O.B., WOENSDAG, 15 DES. 1943

Die Wapensrusting

Die Ossewabrandwag het drie belangrike oogmerke: Eerstens die totstandbrenging van sosiale geregtigheid in die gees van „ek is my broer se wagter”; tweedens die verwesenliking van ons nasionale vryheidstrewes, en derdens die dissiplinerende van ons volk deur middel waarvan alleen die hoogste kragontplooiing en roepingsvervulling kan geskied.

Nou is dit 'n feit dat die eerste en laaste van hierdie oogmerke by uitstek en die tweede by implikasie grondeienskappe is van die Christelike leer. In die wette wat God aan Moses gegee het vir sy volk — wat deur Christus vervul is — word daar buitengewone voorsiening gemaak vir die bekampings van armoede. So moes daar aan die einde van elke sewe jaar 'n groot kwytstelling van skuld wees — maar net aan die volksgenote, want „die uitlander mag jy aanmaan” (Deut. 15:3). „Daar moet geen armoede by jou wees nie”, lui die bevel. „As daar by jou 'n arme is, een uit jou broers, in een van jou poorte, in die land wat die Here jou God jou sal gee, dan moet jy jou hart nie verhard en jou hand nie toehou vir jou arm broer nie.” Hierdie gebod is niks anders as die praktiese uitwerking van wat Christus die tweede groot gebod genoem het nie, nl.: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Om die sosiale gedagte van die Ossewabrandwag uit te lewe, beteken dus om 'n ware Christen te wees.

Die nasionalisme van die Afrikanerdom is in die verlede ten koste van sware offers verdedig en bestendig omdat ons volk en sy leiers geglo het dat hulle as afsonderlike eenheid van God geroepe is om 'n bepaalde taak in die skepping te vervul, soos wyle genl. Beyers dit eenmaal treffend uitgedruk het: „As God jou in die wêreld gebring het as Afrikaner, verwag Hy dat jy sal sterf as Afrikaner”. Alleen as ons hierdie roepingsgedagte in gedagte hou, kan ons verstaan hoe en waarom ons voorgeslagte sulke dure offers kon bring vir 'n vryheid waarvan hulle self uit die aard van die saak geen vrugte kon pluk nie.

Vir die Christen is dit 'n plig en 'n voorreg om te veg vir die voortbestaan van dinge wat deur die Skepper tot verheerliking van sy Naam in aansien geroep is.

Die Christen is ten slotte ook die mees gedissiplineerde persoon of behoort dit alans te wees. Met die volle besef dat hy „met liggaam en siel, in lewe en sterwe, aan Christus toebehoort”, en dat geen haar van sy hoof kan val sonder die wil van sy hemelse Vader nie, is die Christen bereid om enige taak wat hom opgelê word, met dankbaarheid en pligsgetrouheid te vervul. Aan moraal kan dit hom, wat so 'n belydenis het, nooit ontbrek nie. Sels in die donkerste terugslag van die lewe bely die Christen nog dat alles wat oor hom beskik word, tot sy eindlike saligheid strek. 'n Persoon met hierdie geloof kan deur niks in die wêreld op loop gejaag word nie, en daarom kon pres. Kruger ook eenmaal aan 'n jong predikant sê dat daar vir 'n Christen nie so iets as 'n tweestryd kan bestaan nie, want hy het net een keuse en dit is om te saluer!

Die beoefening van selftug in die sedelike lewe wat van 'n Christen vereis word, is die belangrikste hoeksteen vir enige groepsdissipline. Vir die Christen wat bely dat alles wat hy doen moet strek tot eer en verheerliking van sy Alsiende en Alwetende God, kan daar nooit so iets as verslapping in selfbeheersing wees nie en mag daar ook geen onreg wees nie.

Om 'n gedissiplineerde persoon te wees, beteken om 'n goeie Christen te wees.

Laat ons in hierdie feestyd nadink oor die betekenis van ons Christelike leer vir ons daaglikse praktyk en laat ons ons toerus met daardie volmaakte wapenrusting in die stryd na die waarhede wat ons soek te verwesenlik.

Ons Kommandant-Generaal oor Smuts-Toespraak

Nasionaal-Sosialisme Enigste Poortweg teen Kommunisme

Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg skryf uit Pretoria: Veroorloof my om 'n woord aan mede-Afrikaners te rig oor die verbysteringe van toespraak van genl. Smuts voor die Britse Parlementslede.

Ek meen dat dit veral deur twee hooftrekke gekenmerk is: dit is tegetlyk die mees openhartige en ook die mees defaitistiese toespraak wat tot dusver van Geallieerde kant gekom het. Dat hulle genl. Smuts gekies het om die gapende afgronde aan te dui, is verstaanbaar. As verteenwoordiger van 'n klein volk bind hy hulle nie, en hy is bowendien verreweg die mees ervare advokaat wat tot hul beskikking staan. Die wêreld bly hom dankbaar vir sy openhartigheid in hierdie geval. Vir diegene wat ondanks teenstandige opvattinge, sy beskouings met belangstelling en ook met respek verneem, is sy jongste openhartigheid by net een vorige historiese geleentheid ge-evenaar. Dit was toe hy as republikeinse afgevaardigde gesê het: „Wij hebben besloten tot het bittere einde te vechten; het is gekomen in bitterder vorm dan wij ooit hadden gedacht.” Dit was in 1902, op Vereeniging.

Kortliks is sy hooftema dat die Sowjets, Noord-Amerika en die Empire die „drie-eenheid” soos hy dit noem, voortaan die aardbol moet deel, en alles wat daarop is. Veral die eerste twee, die Sowjets en Noord-Amerika, die Empire synde verswak.

Europa, moederland van ons beskawing, wieg van die blanke mensdom, word aan die semi-Asiatiese Sowjets prysgegee. Europa word 'n aanhangsel van Asië, Duitsland, Italië, asook Frankryk en Pole, om net die groter te noem, verdwyn as maondhede. Nou weet die duisende dooies van „la belle France” waarvoor hulle gesneuwel het — nie om Danzig te red vir Pole nie, maar om Pole en Frankryk self te verloor aan die Sowjets, om heel Europa te verloor aan die Russiese magspolietiek.

Vanaf Wladiwostok in Oos-Asië tot by Vlissingen in Wes-Europa val alles in die magsfeer van Sowjet-Rusland. En van Noorweë tot die Balkan, die westelike halfrond en groot happe uit Afrika, kom aan die „land of the almighty dollar” toe en die oorskiet aan die Empire. Dit volgens genl. Smuts.

En ná hierdie verdeling? Staan die geskiedenis stil? Of sal daar nog lewe op ons planeet wees? En sal die naturelle-massas van Afrika voel dat hulle kontinent lewers onder die allesgelykmakende Sowjets moet kom as onder die uitsuigende stelsel van die Angelsaksers?

Ná Sowjet-Asië en Sowjet-Europa, ook Sowjet-Afrika?

Hier het ons defaitisme in sy mees trooslose vorm. „Het bittere einde is gekomen, in bitterder vorm dan wij ooit hadden gedacht.” As genl. Smuts gelyk het, dan klop die einde aan die poort van die Geskiedenis, die einde naamlik van die Christendom, van die nasionalisme en van die blanke heerskappy. Dit sou die eindresultaat wees van 'n „oorlog om klein nasies teen aggressie te beveilig” en wat die hele wêreld nou aan een ateïsties-kommunistiese en aan twee kapitalistiese Empires gee.

Hierdie bittere einde klop nou aan die Poorte van die Geskiedenis, volgens genl. Smuts. En die enigste poortweg is nasionaal-sosialistiese Europa. Voor die einde moet ieder Afrikaner kies, of hy nou Afrikaans- of Engelssprekend is. Voor die einde moet hy kant kies. En net in 1902 by Vereniging voel genl. Smuts in 1943 in Londen dat „het einde is gekomen in veel bitterder vorm dan wij ooit hadden gedacht.”

Tensy, met die genade van God, die wagers aan die poorte sterk genoeg is!

„IN DIE MENSE 'N WEL-BEHAE”

Lukas 3 vers 14.

Deur Ds. J. D. Vorster.

In hierdie paar woorde beluister ons die groot motief en die universele betekenis van die koms van Christus na ons aarde.

„In die mense 'n welbehae”! So het daardie eerste Kerslied die ewige liefde van God verkondig as die dryfkrag agter die grootste gebeurtenis van die aarde. God het nie laat vaar die werk van Sy hande nie. Die magtige Skepper is 'n barmhartige Herskepper. God het 'n welbehae in die mens. En die Kerstyd bring altyd weer opnuut die twee groot gedagtes wat die woord welbehae dra, na vore. In die mense 'n welbehae spreek van die ontferming van God. Sy liefde het Hom beweeg tot 'n reddingsdaad. Liefde wat nooit daadloos is nie het ook by God die dryfkrag van 'n groot magtige, algenoegsame daad van verlossing gevorm. Ja, Sy liefde was 'n verlossingsdaad tot ewige heil. Sy liefde was 'n offerdaad: die liefste, die Heilige is gegee. Sy liefde was 'n ewige daad, algenoegsaam van ewigheid tot ewigheid. Hierdie liefde is nog die motief van die Kerslied. En die Evangelie van genade en ontferming kom ook vandag nog as wonderlike hemelse musiek tot die sonder. Sels die haat en nyd, ellende en dood kan die hemelse boodskap van liefde nie oorstem nie. Sels op die slagvelde sterf die duisende onder die magtige indruk van die reddende liefde van God wat eenmaal 'n Koning gestuur het om 'n ryk te stig, nie deur die bloed van sy onderdane nie, maar deur sy eie bloed.

„In die mense 'n welbehae”. Daarin beluister ons 'n dieper klank as dié van redding. Die welbehae van God spreek van roeping. God het 'n welbehae in die mens.

Hy, wat sinvol in al sy handelinge is, soek nie slegs nie die dood van die sonder nie, maar Hy soek positief sy lewe in gehoorsaamheid en harmonie met Sy groot skeppingsdoel. So bring Kerstyd die versekering van Gods reddende liefde, maar ook die verantwoordelijkheid van 'n roepingsbewuste en roepingsgetroue lewe. Kerstyd spreek van versoening oor dit wat gedoen is,

maar ook van aktiewe, doelbewuste, daadkrachtige lewensstoeuwing vir die toekoms: diensvaardig met alle kragte, rigtingvas na na Gods Woord, selfloos ter ere Gods en onoorwinnelik in die krag van Christus.

„In die mense 'n welbehae”! Dit beklemtoon die universele betekenis van Christus se koms na ons aarde. God het Hom gestuur vir die mense. Hy is dan ook die enigste wêreldfiguur. Gebore, nie uit die wil van 'n man nie, was hy geen Jood nie, maar in die volle sin van die woord „Seun van die mense”. Daarom was Hyself en Sy koninkryk nie internasionaal nie, maar supernasionaal. Waar ander godsdienste of godsdienstigters alleen een volk of ras aangegryp het, en alleen lokaal lewensvatbaarheid getoon het, het Christus wêreldbetekenis. Alle volke en tale en nasies kan die Christus aanneem sonder dat dit hulle eie aard aantast. Intendeel, Christus herstel en adel juis die nasionale. Die wonder van Christus se werk lê ook daarin dat Hy alle volke kan saambind sonder om gelyk te skakel in 'n dooie internasionale eenvormigheid. As Seun van die mense lei Hy alle volke só dat elkeen sy bydrae tot die ewige Koninkryk kan lewer. Daartoe gaan die Kersevangelië oor die wêreld (Vervolg op bls. 5, kol. 4)



DIE LEES-LAER

'N VERRASSING IN DIE UITGEWERSWERELD

'n Nouvelle-Rykdom, fris en jeugdig; deur almal worstel die gees van durf en daad tot oorwinning! Uit die pen van ons beste skrywers.

EERSTE AAN DIE WOORD:

MIKRO, MET: SALUUT KORPORAAL!

KAREL KIELBLOCK MET 'n AVONTUURREEKS.

DAN VOLG:

FRITZ STEYN, JOCHEM VAN BRUGGEN,

P. DE VILLIERS, T. C. PIENAAR en SCHRIBA.

INTEKENGELD:

U betaal slegs 16/-per jaar en u ontvang 12 boeke. Hulle verskyn een per maand. Die formaat is 6½"x 4" en bevat ongeveer 15,000 woorde.

SLUIT AAN:

Maak van hierdie geleentheid gebruik om lid te word van die LEES-LAER; en bou u eie biblioteek op. Stuur dadelik u naam en adres tesame met die intekengeld aan:

PUBLICITEIT HANDELSREKLAMEDIENS

(Edms.) BEPERK

Posbus 4892

Spoorbondkasgebou 507

Foon 33-3918

JOHANNESBURG

Veldm. Smuts se Toespraak

Staan dit i.v.m. Konferensie in Teheran?

DEUR PROF. J. A. WIID

Staatsmanne het gedurende hierdie oorlog reeds baie toesprake afgesteek. Hoewel die nuusagentskappe en die dagbladsprekers veel publisiteit aan dergelike oorlogstoesprake verleen, weet elke denkende mens dat staatsmanne dergelike toesprake vir propagandistiese doeleindes hou, d.w.s. die vyand moet banggepraat word of mislei word en die eie mense moet moed ingepraat, gepaai of ook mislei word. Elke denkende mens weet ook dat die belangrike dinge insake 'n oorlog nie in 'n openbare toespraak uitgespreek word nie maar verswyg word en in geheime beraadslagings bespreek en besluit word. Die historikus veral weet dat dergelike oorlogstoesprake 'n erg ondergeskikte plek sal inneem onder die historiese bronne wat gebruik sal word as die geskiedenis van die oorlog eendag opgestel sal word.

Die jongste toespraak van veldm. Smuts egter verdien meer aandag. Nie alleen het hierdie toespraak meer as enige ander toespraak wêreldwye reperfussies gehad nie, maar selfs in eie Engelse kringe het dit ongewone opspraak gewek. Daar word nog gedurig aan hierdie toespraak geherkou, waarskynlik omdat dit soveel onverteerbaars bevat.

Maar wat het veldm. Smuts nou eintlik gesê? Soos gewoonlik het hy verkwistend met die heuningkwas en die versuikerde pille te werk gegaan, soos gewoonlik wemel sy toespraak van wilde voorspellings en blinde optimismes. Tog het hy ook 'n paar dinge in sy toespraak aangeroer wat aandag verdien.

RUSLAND DIE NUWE KOLOS

Volgens veldm. Smuts sal Rusland, die „nuwe kolos“ na die oorlog baas op die Vasteland wees en sal dit in 'n posisie wees waarin nog geen ander moondheid in die geskiedenis van

Europa was nie. Aan die een kant dus 'n oppermagtige Rusland met sy „onverklaarbare en fenomenale opkoms“ en volgens Smuts „een van die groot wonders in die geskiedenis“, en aan die ander kant 'n Vasteland waaruit Duitsland, Frankryk en Italië as grootmoondhede, volgens Smuts, verdwyn het. Die doelwit wat die Britse oorlogsverklaring op 3 September 1939 nagestreef het, d.w.s. die magsewewig op die Vasteland volgens Britse begrippe, is dus verder verwyderd en onbereikbaar as ooit. Brittanje het dus die oorlog verloor al sê veldm. Smuts dit nie in soveel woorde nie.

BRITTANJE ARM EN EKONOMIES KREUPEL

Maar nie alleen sal die „Russiese kolos“ die eene-oue magsewewigsidee van die Britte omvergooi nie en bestaan daar op die Vasteland geen magtige bondgenote wat teen die Russe gebruik kan word nie, maar Brittanje self „sal arm en ekonomies kreupel wees.“ Volgens Smuts sal Brittanje so swak wees, Amerika so ryk en Rusland so magtig, dat 'n vennootskap tussen die drie 'n „ongelyke vennootskap“ sal wees, d.w.s. ongelijk en ongunstig vir Brittanje. So ver het dit dus gekom dat die Boere-generaal, wat op die vooraand van die Verdrag van Vereniging saam met sy wapenbroer, genl. Hertzog, met lords Kitchener en Milner tevergeefs moes worstel om aan die verpletterde Boere 'n paar krummels van onafhanklikheid te laat, 'n veertig jaar later aan lende van die Britse Parlement moes vertel: Brittanje is arm, ekonomies kreupel en swak, Rusland is magtig en baas op die Vasteland en Amerika is ryk.

'N PAAR GISSINGS

Die vraag is: waarom het veldm.

Smuts hierdie opspraakwekkende toespraak gehou wat eers geheim en later tog openbaar gemaak is? Die aanvanklike geheimhouding was waarskynlik 'n soort van voelhoring om eers uit te vind hoe sekere parlementslede daarop reageer. Publikasie het dus eers gevolg na dit geblyk het dat hierdie reaksies nie ongunstig was nie. Dit kan uitgesluit word dat die toespraak sonder medewete van Churchill gelewer is of dat veldm. Smuts hom skuldig aan impulsiwiteit gemaak het. Impulsiwiteit is nie 'n swakheid van Smuts nie.

As die toespraak ontleed word en die tierlantyntjies en fraaiings daaruit verwyder word dan lyk dit of die rede-naar die Britte wou oortuig dat die Russiese „kolos“ — ook Hitler het in sy jongste toespraak van die Russiese „kolos“ gepraat — baas is van Europa en dat hulle van Duitsland eintlik niks meer te vrees het nie. As Rusland, volgens Smuts, baas in Europa is, dan is Rusland en nie Duitsland nie 'n gevaar vir Engeland, veral as laasgenoemde land arm, ekonomies kreupel en swak is. Dit is ook moontlik dat die toespraak in verband staan met die gevaar wat baie Britte in inwendige kommunistiese bedrywighede sien. Die Engeland van vandag is 'n vrugbare bodem waarop kommunisme welig kan groei. Die verreikende eise van die Arbeidersparty, nie van die Kommunistiese Party nie, soos die nasionalisasie van grondbesit, steenkoolmyne en spoorweë moet baie Britte laat nadink het. Dit is dus glad nie onmoontlik nie dat daar in Brittanje 'n groep mense is wat graag 'n verandering in die oorlogsbeleid wil sien.

Interessant ook sou dit wees om te weet of hierdie toespraak enige verband met die jongste konferensies in Kaïro en Teheran het. Net so interessant sal dit wees om te weet of daar enige verband tussen die onlangse skielike publikasie van Rudolf Hess se bedrywighede, die loslating van die Mosleys en die Smutse toespraak bestaan. Daar bestaan dus 'n hele boel vraagtakens in verband met hierdie opspraakwekkende toespraak.

Ondersteun Ons Adverteerders!

MOEDERTAAL ONDERWYS

Genl. J. A. Smith, Organisasieleier van die Ossewabrandwag, het die volgende telegram aan die Volkskongres oor Moedertaalonderwys gestuur:

„Lat ons met verenigde volkskragte die stryd om Moedertaal-onderwys en om ons Afrikaans-medium-skole tot ware Christelik-Nasionale onderwysinrigtings uit te bou, tot oorwinning voer. Sukses en seën op u verrigtinge.“

SASBANK VOORSIEN in 'n noodsaaklike behoefte

Lenings vir gesaliede persone verkrygbaar

- Gerieflike paaiemente
- Billike rente
- Hoflike behandeling

Bevry uself van die huurkoop-stelsel! Koop vir Kontant en bespaar die Afslag.

RAADPLEEG
SASBANK
Paarl Posbus 266
Worcester: „ 57
Kaapstad; „ 2387

Geklassifiseerde Advertensies kos 1d. per woord, minimum 2/6.



IN DIE BELANG VAN OPVOEDING
-NIE VAN WINSTE NIE!


Aan
Studente
Oral in

Suid-Afrika

Die
Direkteure en Personeel
van die
Helpmekaar-Korrespondensiekollege
wens al hul
Oud-, teenswoordige en toekomstige
Studente
'n Geseënde Kersfees
en
'n Suksesvolle Nuwe Jaar toe

HOEKSTRAAT 18
JOHANNESBURG

DESEMBER 1943



Steeds hoër — die ideaal van elke Afrikaner om te presteer !

Ons roep u toe, EXCELSIOR ! in die stryd wat u gedurende 1944 op u eie gebied sal voer. U gulle ondersteuning het ons saak reeds in 1943 so suksesvol gemaak dat ons beslis weer in die komende jaar met u ondersteuning 'n hoër merk sal bereik.

Excelsior-Meubels, Bpk., was in staat om, by die afsluit van sy vorige boekjaar, 'n diwidend van 8 persent te verklaar op inbetaalde kapitaal. Sewe takwinkels en twee groot fabriekke vorm vandag die grondslag van hierdie groot Afrikanersaak en bied nog onbeperkte uitbreidingsmoontlikhede.

Wil u verder saambou ? Raadpleeg dan enigeen van die onderstaande kantore of takbesighede.

ORGANISASIEKANTORE:

KAAPSTAD: Groote Kerkgebou, 614, Foon 3-5091, Posbus 2996. Organiseester. Mej. C. le Riche.
BLOEMFONTEIN: St. Andrewstraat 123, Foon 1986, Posbus 718. Organiseerder: Mnr. C. J. Visser.
JOHANNESBURG: Die Sekretaris, Geregistreerde Kantoor, De Villiersstraat 15, Foon 33-1096, Posbus 6670.

TAKWINKELS:

JOHANNESBURG: Excelsior-Meubels, Beperk, De Villiersstraat 15.
GERMISTON: Excelsior-Meubels Beperk, Meyerstraat 183.
BLOEMONTEIN: Excelsior-Meubels, Beperk, St. Andrewstraat 123.

FILIALE:

PRETORIA: J. S. Unterhalter (Edms.) Bpk., b/v Andries- en Pretoriusstraat. Goodwood Furnishers (Pty.) Ltd., Paul Krugerstraat 340.
KAAPSTAD: L. D. Phillips (Edms.) Bpk., Pleinstraat 47-49.
JOHANNESBURG: J. B. en T. H. Schutte (Edms.) Bpk. (Fabriek), Wepenerstraat 27, Booyens.
BLOEMFONTEIN: Alma-Meubelfabrikante (Edms.) Beperk (Fabriek), Loopstraat 5-7.

EXCELSIOR-MEUBELS

BEPERK.



ONS. A. K. G. OOR

Die Afrikaner en Kuns in die Volksbeweging

My is gevra om iets oor die Afrikaner en die kuns in die Volksbeweging te skryf. Met die oog op die ruimte sal ek my meer moet bepaal by een vertakking daarvan. Die onderwerp is te groot en omvangryk om meer as slegs maar 'n paar hoofgedagtes oor elke vertakking te sê. Ek bepaal my dus by die beeldende kuns, waarvan ek persoonlik kennis het. Ek laat die grootste en vir die volk die allerbelangrikste, nl. die argitektuur, wat met ons woningsbou, stadsaanleg, ens., te doen het, eekant. So doen ek ook met betrekking tot die binnehuiskuns, die versierkuns, ontwerp vir meubels en vir vroue-handwerk, ens.

So min bemoei volksorganisasies hul met hierdie belangrike saak, dat 'n mens gryp na 'n geleentheid soos hierdie om 'n pleidooi te lewer vir die insluiting van ons hoogste vorms van kultuuruiting in die Volksbeweging.

So hoog ag ouer nasies hul kunsskatte dat tydens oorloë hierdie dinge die eerste in veiligheid gebring word. Dit is in oorloë nie alleen eie besit wat veilig bewaar en beskerm word nie, maar pogings word aangewend om deur vernietiging of buitmaak van 'n ander se kunsskatte daardie volk so siele te tref. In ons vaderland word die siele vergiftig op 'n baie vreesame wyse en so die hoogste kultuuruitings in sy ongebore stadium reeds vernik.

Nasionale kunsskatte word ook as internasionale bates beskou insover dat elke volk se bydrae tot die Kuns, 'n bydrae tot die beskawing is. En juis om hierdie rede, net soos die wetenskap, is dit van wêreldbelang dat elke nasie syne tot die algemeen bydra. Kuns egter is en bly as 'n geestes-uiting uit die aard nasionaal.

Goethe het gesê dat „kuns gegrond- ves is op 'n diep religieuse gevoel, op diepe en magtige erns." Dit is ge- grond op die innerlike skoonheidsdrang en is 'n gevoelsuiting wat die gees van die tyd, en van die volk, weerspieël.

Saam tot hierdie uiting moet werk die liefde vir die natuurskoonheid, die stemming van die vaderland se natuur, die toneelsterrein van die natuur en ons saam. As kuns — en dit is — 'n vertolking van die innerlikste gewaar- wordings van die mens is, moet ons aanneem dat daar soets as 'n eie nasionale kuns vir elke nasie moet wees, voortspruitend uit die volk en gedra as die vaandel van die volkskultuur. Dit moet ook die geval wees met die Afrikaner wat so 'n onafskeidbare deel van die vaderlandse natuur en geskiedenis is.

In Suid-Afrika dan is die gebore Afrikaner die mens uit wie se siele dit duideliker, helderder en in groter waarheid moet voortspruit, hy die erfgenaam van die land en sy volk se geskiedenis, kind van 'n natuur waar- in hy mens geword het en sy geestelike rykdom ontvang, en opbou. Egter doen die Afrikaner bloedweinig aan kuns. Die ingevoerde is vir hom nog goed — die kleurprentjie of porselein- beeldjie van die smouswinkel.

Ek het die besondere geleentheid sedert baie jare gehad, as keurkom- teelid van die S.A. Nasionale Kuns- museum en ook as kunsliefhebber van een van ons dagblaaie en lid van etlike Kunsverenigings, om feitlik alle kuns- werke of pogings in daardie rigting te sien en te vergelyk met mekaar, so ook met werke van ouer lande. Hoewel die meerderheid van skilderye en verwante vorms van die grafiese kuns in ons land hoofsaaklik naboot- sings van uitlandse vertolkings is, wat styl en uitdrukking betref, en daarby sommige Afrikaners geweldig aangegryp is deur die Joodse vulgêre styl in die beeldende kuns, soos o.m. geopenbaar in die verwringing van skoonheidsvorms van die mensefiguur, straal daar tog uit 'n groot aantal kunsproduksies 'n neiging alhier wat tot 'n geringe mate 'n afsonderlike rigting skyn aan te dui. Gelukkig kan iets beters en meer bevredigend ge- vind word in Afrikaner-skilders se werke omdat hulle die volk en die vaderlandse natuur beter begryp en waardeer.

INVLOED VAN DIE VREEMDE

Die invloed van die vreemde en van buite vaderlandse grense is so sterk, so deurdringend en verdringend, dat die georganiseerde Afrikanerkrigte die kunstenaar se hele gees moet inspan om los te kom van die invloede, nie alleen op sy lewensbeskouing, leefwyse, ens. nie, maar ook op sy uitsig op die natuur en dus sy vertolking van eie skoonheidsvorms en natuurstemmings. Ons het te veel na-apers van die Pech- steins, Epsteins, Picasso's en daarby Turners en hul soort. So ingevoerd moet alles wees dat uitlanders selfs die oorspronklike Boesman-kuns as in- gevoerd uit Europa beklemtoon.

Ons staan maar steeds in die gryse kille geestelike atmosfeer van ou Euro- pa en selde in die sonnige Suid-Afrika, omdat ons kuns van daardie wêreld- deel se mense as norm, as rigsgoor ook wat die kleurlegniek betref, aanvaar het. Skilder nou maar die gotwende bulte en berge soos die Engelsman die Skotse „Highlands" en „Moors" skil- der! Die publiek leer dit as landskap- skilderye ken. Hulle kry present kleurprentjies van almanakke en op poeierdosies en Kersfeeskartjies.

DRIE HOOFGROEPE

Ontleed ons die kunsskilders in Suid- Afrika, wat hul werke betref, dan vind ons drie hoofgroepe gesien uit 'n Suid- Afrikaanse kuns-oogpunt. Ons het 'n baie klein Afrikanergroep wat die sterkste 'n eie nasionale rigting aan- dui met 'n oorheersende Afrikaanse natuurstemming. Kan 'n mens dit bywyse van punte (persentasies) aan- dui, sou hierdie groepie 60 persent toe- geken kan word. Dan volg 'n ander klein groepie in Suid-Afrika gebore kunstenaars van vreemde oorsprong en kultuur, wat 20 persent toegeken kan word, en ten laaste en wel die groot meerderheid met nul persent. In elke groep is daar uitsonderings wat herkoms betref, soveel so, dat ook ge- bore Afrikaners onder die nul-groep ressorteer.

Belangwekkend, ja, sorgwekkend is die feit dat daar van die altesaam 120 skilders in Suid-Afrika (in 1940) wat dit waag om werke na openbare uitstal- lings te stuur, slegs vyftien met Afri- kaanse name is! Dus twaalf persent. Tot hiertoe het ons kuns-wêreld slegs by klein uitsondering 'n aanwys uit die buiteland gevind. Die klein Afri- kanergroep is wat die landskapkuns betref verreweg die beste vertolkers. Kyk maar hoe intiem Volschenk met die byna altoos vriendelike natuur in sy omgewing saamgeleef het. Let maar op hoeveel inspirasie Naudé vind in die veld gehul in silwerlig. Kyk na Pierneef se gevoel vir die kragtige vorms wat 'n eie karakter gee aan die Suid-Afrikaanse landskap, die doring- boom van die Bosveld en die argitek- toniese struktuur van die bergkranse. Vergelyk met hierdie Afrikaners se skeppingswerke dié van kunstenaars met uitlandse siele en mens vind nooit daarin die stem van Suid-Afrika weer- klink nie. So kan ons ook op die ge- bied van die beeldhoukuns 'n paar aan- wys — Van Wouw wat brokkies uit die geskiedenis in beeld verewig het en Steynberg wat aangegryp is deur die skoonheid van die ruheid en krag van die natuurbeelde van ons rotse. Ook in die beeldhoukuns lewer ons min, ondanks die Groot Beeldhouer, die Skepper van ons Vaderland se handwerk in die natuur sulke toon- beelde van krag en ewigheid vir ons tot besieling gestel het — monumen- tale kranse wat ten hemel styg.

AFRIKANER-KUNSLIEFHEBBERS DIE MEERDERHEID

Wat kunsliefhebbers betref (volgens ervaring en inligting oor 'n tydperk van jare ingewin) sou ek sonder aarse- ling die Afrikaners in die meerderheid plaas. Afrikanerkringe lewer die grootste afsetgebied vir kunswerke.

Daar is inderdaad 'n ontluikende kunssin onder Afrikaners wat net wag om aangewend en ingespan te word in die volksbeweging.

Hoewel ons groot en goeie Afrikaans-

mediumskole het, word niks of baie min gedoen vir die bevordering van kunssin by die jeug. Oorweldigend is die flusterstem van die vergiftigde onderbewussyn by ons Afrikaners van- dag nog dat kuns, Engels of uitlands, in wese en gees moet wees. En hier in ons land is etlike Kunsskole, ook fakulteite, vir kuns aan Universiteite, almal Engels in gees en uitsig. Leeg en droog soos die woestyn is ons Afri- kaanse Universiteite wat Skone Kuns betref — huilende wildernisse vir die siele van ons Afrikanerseuns en -dog- ters, wat hierdie hoogste vorm van kultuuruiting mis.

Waar ons taal en literatuur reeds 'n instrument en besieling in ons volks- ontplooiing tot nasionale ryphed ge- word het, staan ons skeppende kunste nog stil en steriel, sonder enige dina- miese krag in hierdie opsig.

Saam met 'n volksontwaking tree skeppende kragte gewoonlik na vore. Maar dan ook alleen wanneer knellende bande losgemaak is en onnatuurlike struikelblokke uit die weg geruim is. In Frankryk moes die staat deur 'n departement vir kuns, 'n ewewig proe- beer vind tussen die kuns van die in- stromende uitlanders en dié van eie bodem. Nasionaal-sosialistiese maat- reëls was nodig om die egte Duitse kuns nie alleen te suiwer nie, maar aan te moedig. Sosialistiese veren- ings moes in Hongarye met staat- subsidie optree om die Hongaarse skep- pingsvermoë te sterk. In Amerika moes 'n „twee-jaarplan" van staats- weë in werking gestel word. Dit was die aflaaiplek van die prul- en dena- sionaliserende produkte van die inter- nasionalistiese kunshandelaars. Ver- bodsbepalings op die invoer is gevolg deur die tweejaar-toelaagplan vir eie Amerikaanse kunstenaars. Die gevolg was die uitkoms vir honderde kunste- naars wat Amerika nasionaal en sosial- met hul pragwerke verryk het.

KUNSAFDELING IN VOLKS- BEWEGING

In die nog onvrye Kanada het die volk deur die van staatsweë onder-

GROOT GEESDRIF IN FOURIESBURG

Genl. H. A. J. du Toit, C6, Fouries- burg, rapporteer dat ondanks baie reën, vol riviere en planttyd, goeie op- komste die vergaderings van dr. Piet Meyer in sy generaalskap gekenmerk het. Offisiere het b.v. hul klere uit- getrek en die perde deur die Klein Caledonrivier laat swem.

Oral het groot geesdrif geheers. Die besoek van die Voorligtingsoffisiere het die mense baie besiel. Inskrywings vir die Vryheidsofferfonds het mooi gevorder. Op Ficksburg £100, 'n Brandwag op Senekal £25 en 'n ander het £15 gegee. Die laagste bedrag was £5. Meer as £300 is op Senekal, Ficks- burg, Rosendal en Fouriesburg inge- samel en baie het nog belooft. — (Mee- gedeel.)

steunde kunsbeweging sy nasionale be- wussyn gekry en is die beeldende kuns die groot trots van daardie volk ge- word — hul eie Kanadees-nasionale kunsluitingskarakter.

In Suid-Afrika moet, om te begin, 'n afdeling vir kuns in die georgani- seerde Volksbeweging in die fewe ge- roep word. Die taak van so 'n afde- ling moet wees, eerstens, reklame te maak vir (a) die bevordering van kuns- sin deur die reeds beskikbare middels, en (b) vir Suid-Afrikaanse kunswerke deur middel van geskifte, lesings en tentoonstellings; en, tweedens, 'n stu- die-afdeling te vorm wat kunstenaars en kunsliefhebbers met inligting en praktiese aanmoediging kan bedien. Dit moet die voorbereiding, net soos op die staatkundige en ekonomiese ter- rein, van die volk vir die Nasionaal- Christelike Volksgeestestaat wees, want 'n volksbeweging moet die gees van vryheidstrewe uitstraal in alle vorms van sy kultuuruitings. — (Oorgeeem uit Wapenskou, Nov. 1943.)

ONDERSTEUN U BLAD DEUR U ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN

Produkte van Kwaliteit



Big Ben-mengsel	4pd., 1pd. sakkes
Kommando-mengsel	4pd., 10pd. houers
C to C-mengsel	4pd. pakkies
General-mengsel No. 1	4pd. pakkies, 10pd. houers, 35pd. sakkes, 75pd. sakkes
Government House-mengsel	4pd. pakkies
Herald-mengsel	4pd. pakkies
Horseshoe (Transvaal)	1, 1 en 1pd. sak, 1pd. pak.
Karoo-mengsel	4pd. houers, 35pd. sakkes
Koedoe-mengsel	4pd. sakkes, 4pd. pakkies
Magaliesberg (Transvaal)	35pd. sakkes, 70pd. sakkes
Outspan Piet-Betsefse-mengsel	1, 1pd. pakkies, 10pd. houers
Silver Dollar-mengsel	4pd. pakkies
Springbok	1, 1 en 1pd. sak., 1pd. pak.
Three Roses „Navy Cut"	4pd. pakkies
Tortoiseshell-mengsel	4pd. pakkies
White Horse-mengsel	4pd. sakkes
Main Line Donker (Tvl.)	35pd. sakke, 70pd. sakke
Main Line Piet-Betsefse-mengsel	10pd. houers, 35pd. sakke, 75pd. sakke
Main Line-meng., „smu- eured" syn gekerf	4pd. pakkies, 1pd. sakkes
Main Line (Transvaal)	10pd. houers

Die persoon wat werk- lik 'n goeie tabak waar- deer, verwag 'n tabak wat nie alleen smaakvol is nie, maar wat ook bevredig. Die uitgebreide verskeidenheid wat hier volg, bied 'n keuse vir elke smaak aan:

Aan al ons vriende, ondersteuners en belangstellendes
stuur ons

OPREGTE AFRIKANERGROETE

en ons beste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n baie
voorspoedige Nuwejaar

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).

MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).

ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

VOLKSKAS

IS U EIE

BANK!

VOLKSKAS

VERSKAF VOLLEDIGE BANKDIENSTE,

waaronder:

OPENING VAN LOPENDE TJEK-
REKENINGE;

VERSKAFFING VAN VOORSKOT-
FASILITEITE TEEN GEBRUIKLIKE
SEKURITEIT;

AANNAME VAN FONDSE OP VASTE
DEPOSITO EN SPAARREKENING.

VOLKSKAS (Koöperatief) BEPERK

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor: - - - - - Sentraalstraat,
VOLKSKAS-gebou, - - - - -
PRETORIA.



DIE VOLK SE BANK.

VIR DIE BOEREJEUG

„Die Werk van ons Hande”

Die Jeugleier Roep die Boerejeug

Dingaansfees herinner ons aan die duur prys wat die Voortrekkers vir hierdie mooi land van ons betaal het. Goed en bloed moes hulle daarvoor opoffer. Daarom moet ons dit as 'n kosbare erfenis aanvaar en behandel. Dingaansdag is die dag van die gelofte. Soos 'n Sabbat of rusdag moet ons dit gedenk. Op 16 Desember verhef ons ons harte in dankbaarheid tot God wat in moeilike en gevaarvolle omstandighede uitredding geskenk en ons volksbestaan verseker het.

Die Here het self vir die mens 'n weeklikse rusdag, ons Sondag, ingestel. Dan rus ons van ons gewone werksaamhede en wy die dag aan Hom. As ons nou Dingaansdag as 'n Sabbat vier wil dit nie sê dat ons 'n ekstra Sondag by die Sondag of rusdag wat deur die Here ingestel is, voeg nie, dit mag en wil ons nie doen nie. Maar ons vier die dag soos 'n Sabbat en bring op dié dag ons dankoffer aan die God van ons vaders. Dis 'n volksrusdag. Wie die dag nie op die regte manier deurbreng nie vereenselwig hom nie met ons volksverlede en dus ook nie met ons volk nie.

'n Rusdag veronderstel egter voorafgaande werkdag. As ons dus eenmaal per jaar 'n volksrusdag het, is die orige dae van die jaar volkswerkdag of behoort hulle dit te wees. Ons sluit natuurlik die Sondag uit, alhoewel 'n Sondag nie 'n dag van leegte of ydel vermaak moet wees nie, net 'n rus van die gewone bedrywighede. Oor die Sondag het ons dit hier egter nie.

WAT IS 'N VOLKSWERKDAG?

Wat is 'n volkswerkdag? Dit is 'n dag waarop ons volks- of landsdiens verrig. Nou is wel elke eerlike stukkie werk wat ons verrig, al is dit in die eerste plek miskien in ons eie belang, ook vir ons volk van betekenis. Maar daar is tog arbeid wat in 'n meer bepaalde sin as volksdiens of landsdiens bestempel kan word. En dan dink ons in die eerste plek aan hande- en veldwerk. Dink maar aan die werk van die boer wat sy lande omploeg en besaai, of sy vee versorg. Hy sorg op die manier wel vir eie daaglikse brood, maar ons is almal van die werk van sy hande afhanklik. En as hy 'n stewige dam bou, 'n bos aanplant of groot verspoeling bestry of voorkom, dan verrig hy 'n diens vir sy land en vir sy volk van die toekoms. 'n Boer se werkdag is 'n volkswerkdag. As hy Dingaansdag vier is dit in die dankbare oortuiging dat hy weer 'n jaar van opbouende werk in belang van land en volk agter die rug het. Daarom verkeer hy in 'n stemming om God te dank vir Sy bestiering wat dit vir hom moontlik gemaak het om deur die werk van sy

hande in die behoeftes van sy gesin en van sy volk te voorsien. Na die beste van sy vermoë het hy sy deeltjie van die duurgekoste vaderland bewerk en bewaar.

VOLKSDIENS VAN DIE HUISVROU

Daar is nog iemand sonder wie se vlytige hande- en veldwerk ons nie kan klaar-kom nie. Dis die huisvrou. Dink ons genoeg aan die omvang van die werk wat een paar vrouehande op 'n dag, in 'n maand, oor 'n jaar verrig? Kinderversorging, huishouding, voedselbereiding, verstelwerk en kleremaak, en wat nie al nie! Dit eis dinkwerk en beplanning, maar die hande moet daar uitvoering aan gee, volksdiens van die hoogste orde. Is Dingaansdag vir ons moeders, vroue en susters wel 'n rusdag? Ook dan hou hulle sorg nie op nie, en soms kry 'n mens wel so bietjie die indruk dat dit net die mans was wat ons land skoongemaak het en wat gevolglik op Dingaansdag moet rus en dank.

DIE BOEREJEUG

En nou die Boerejeug. Ons kinders vier ook Dingaansdag, die volksrusdag, en dit hoort so, want hulle val ook onder die gelofte. Maar het hulle ook volkswerkdag? Daar is seuns en dogters, veral kinders op ons boereplase wat van kleins af vir Pa op die land of met die vee en vir Ma in die huis help. Hulle het volop geleentheid om die hande uit die mou te steek, en later is hulle baie dankbaar dat hulle van die geleentheid goeie gebruik gemaak het. Maar vir die dorpskind, die stadskind en die kosskoolkind is die kans vir opbouende hande- en veldwerk nie so volop of voor-die-hand-liggend nie en vir hulle moet ons 'n plan maak. Elke lid van die Boerejeug moet leer om sy of haar hande te gebruik en om ware volks- en landsdiens te verrig. Daar is geen gebrek aan werk van hierdie soort nie, intendeel. En ons jeug het die frisse krag en aanleg daarvoor, die geleentheid moet maar net vir hulle geskep word. As hulle saam met die grootmense volkswerk kan verrig, sal hulle ook saam volksrus kan geniet en leer om hulle vaderland na waarde te skat.

Daar is nog 'n ander aspek van die saak. Die Boer is 'n kunstenaar met sy hande. As hy hom die tyd wil gun kan hy ware kunswerkies uit yster, hout, klip of klei vervaardig. Watter mooi aandenkinge van die aard bestaan daar nie vandag wat herinner aan die krygsgevangenskap van die tweede Vryheidsoorlog nie? Dat ons die kuns nog nie verloor het nie, word vandag deur ons geïnterneerde volksgenote skitterend bewys. Die Boerejeug hoef werklik nie te wag totdat hulle ook eendag in sulke benarde omstandighede verkeer alvorens hulle aan hul kunsaanleg uiting gee nie. Die boere-seun van die verlede het kleiosse en bokwaentjies gemaak waarna 'n mens kon kyk. Vandag is dit die dogters wat die seuns met hul kunstige naaldwerk beskaam. Hier het die Boerejeug 'n arbeidsveld. Laat hul hande uiting gee aan hul kunsgevoel. Die produkte kan miskien winsgewend van die hand gesit word en daardeur die eie kas of die Noodhulpfonds gesterk word. Watter aanvraag bestaan b.v. nie vandag vir goeie speelgoed nie? Laat ons dan die hand uit die mou steek, in diens van land en volk en ter ontwikkeling van die aanleg en gewas wat die Here aan ons toevertrou het. Dan kan ons ook met die Psalm-digter bid: „Bevestig die werk van ons hande oor ons, ja die werk van ons hande, bevestig dit!”


D. J. van ROOY,
Jeugleier.

Potchefstroom,
4 Des. 1943.

W. VOIGT Bpk. HUGENOOT

Posbus 10

Feen PAARL 23



FABRIKANTE VAN

Kelder- en Besproeiingsmasjinerie, Sloopwaens, Boerewaens, ens., ens.

Ons dank aan ons menigte kliënte vir hulle ondersteuning in die afgelope jaar. Ons wens u een en almal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar.

W. VOIGT BPK.

BUS 10

HUGENOOT

BOODSKAP VAN K.G.

(Vervolg van bls. 1, kol. 1)

van Móre en Oormóre moontlik sal maak om beter en gesonder te leef as die Volk van Gister en Eergister.

Ek se vir u dat met my byna onafgebroke en drie jaar lange reis deur Kaapland, Transvaal, Natal en Vrystaat, op die digbevolkte Witwatersrand en in die yle streke van die Kalahari—orals waar daar Ossewabrandwag is—daar het ek Afrikaners leer ken, mans en vrouens en ook kinders, wat my beweeg het om God te dank dat ons Volk sulke adel en sulke selflose stryderts het. Mense, wie se skoen ek sou wou vasmaak, so pligsgetrou en so edel van hart is hulle. In hul moeilikhede, in hul armoede dikwels, tref mens 'n adel van inbors wat net kan spruit uit die geloof aan en die liefde tot 'n ideaal wat almal saamsnoer in een diens- en een lotsgemeenskap.

Daardie geloof het die Ossewabrandwag aan ons gegee, aan u en my en ons almal. In daardie geloof het ons 'n eed gesweer, voor God en mens, en ons gaan daardie eed hou—voor God en mens.

Aan ons eindoorwinning twyfel ons net so min as ons twyfel aan die genade waarmee die Voorsienigheid hierdie eedgenote tot dusver deur meer as vier oorlogsjare en 'n duisternis van vyandskap gelei het.

As u vra „Hoe gaan ons wen?” dan kan ek net antwoord dat, afgesien van beslissings wat van oorsee kom, ons moet wen in die eventuele binnelandse kragmeting tussen ons Beweging en die uiteensattende elemente onder ons teenstanders, wat vandag nog deur die alles-oorskaduende oorlog kunsmatig byeen gehou word. Ons maer jare lê agter die rug; hul s'n te voor. En die Ossewabrandwag is die natuurlike beskerming vir honderdduisende wat vandag teen ons gekant is, omdat ons dit vir niemand onmoontlik gemaak het om na ons te kom sonder om sy selfrespek kwyt te raak nie. Ons verag ook nie—ek wil verder gaan—ons verlang ook nie om sonder die medewerking van ander, op die oomblik buitestaande elemente, aan die mag te kom nie. Met al die fanatisme van ons ideaal het ons nietemin billik gebly in ons stryd. Ons het nie ons medemenslike uitgeskel vir Nat. of Sap. of Roodluis of Blouls nie. Ons houding was altyd dié van 'n man wat hy sy vriende staan maar wat sy vyande respekteer. En daardeur maak die Ossewabrandwag dit moontlik vir die vyand van vandag om die vriend van môre te word—met behoud van sy selfrespek. En ons soek slegs vriende met selfrespek.

Nee, ons gaan wen en ons weet dit. Maar laat ons hierdie feit ook weet, nl. dat daar tallose in ons geledere sal wees wat vandag nog elders staan. Ons kan nie aanspraak maak om 'n Volksbeweging te wees as ons Volks-genote wil nitsluit net weens hul verskil in party-politiek of oor die oorlog nie. Die Ossewabrandwag van vandag kan nie die hele Volk uitmaak nie. Maar hy kan en hy gaan die deurslaggewende kern van die hele Volk uitmaak.

Die enigste toets wat ons kan stel wat toegang tot die Beweging betref, is 'n onverdeelde trou teenoor ons Vaderland en die onvoorwaardelike aanvaarding van sy republikeinse bestemming.

Dog die eintlik belangrike vraag is nie, hoe ons die oorwinning gaan behaal nie. Veel belangrijker is die vraag: Wat gaan die O.B. met die komende oorwinning maak?

Hy gaan in die eerste plek die Republiek nastreef, afgestig van die Empire. Waarom? Om duisend-en-een redes. Maar veral omdat blank Suid-Afrika onmoontlik homself kan beveilig as onderdeel van 'n oorwegend nie-blanke Empire. En as ons vir beskerming nader moet staan aan 'n groot blanke moondheid, dan soek ons in daardie moondheid 'n bondgenoot en nie 'n baas nie. En slegs deur verbrekking van die Britse band kan ons die Engelssprekende Afrikaner bevry van die „dubbele lojaliteit” wat hom vandag kniehalter en terughou van volle Afrikanerskap.

Maar—en dit is die kern van die hele stryd—ons soek Vryheid nie net van bande los te wees nie; dit sou los-

bandigheid wees! Ons soek vryheid om onbelemmerd te kan bou aan 'n nuwe Gesagstaat wat Christelik en Nasionaal is en wat in die sosialisme—die sosiale lewensopvatting—'n brug sien na 'n beter en meer gereverdigde toekomsstaat. 'n Brug, en nie 'n paatboelie wat die Christlike-nasionale geledere oploop moet sit om dan, solank hul weghardloop, die weveld te word vir anti-christelik en anti-nasionale kommuniste nie.

Hang die volgende as manende teks aan u muur: 'n Spartelende Volk van iets meer as een miljoen siele—ons Volk—wat oor die driehonderd-duisend Voiksgenote as armbiankes tel, terwyl die res oorwegend werknemers is wat in hul sie Vaderland van volksvreemde werkgewers afhanklik is—so 'n Volk moet besef dat dit tyd word om besorg te voel oor feite en nie om te skrik vir woorde nie.

Hierdie wrede en onweerlegbare feite is die vrug van veertig jaar van kapitalistiese demokrasie. In hierdie veertig jaar het leiers van ons Volk kans gehad en rede gehad om te red—en hul kon nie red nie. Dit help nie om leiers te beskuldig nie. Alle leiers het een of ander magposisie beklee—genl. Botha, genl. Smuts, genl. Hertzog, dr. Malan—een en almal was hul magteloos om die wortel van die euwel aan te pak. Nie weens persoonlike onverskilligheid nie, maar tensypte van alle opregtheid, weens die georganiseerde onmag van die demokratiese stelsel teenoor die uitbuitende geldmag.

Solank as die hoogkapitalisme (die doodsvyand van nasionalisme asook van sosialisme) die twee strome teen mekaar kan afspel—die een bangmaak met die ander een—solank kan hy ons Volk verder uitsuij en steeds meer Afrikaners van hul karige besit beroof. Maar die dag wat die Nasiona-lisme en die Sosialisme—die siel en die liggaam—saamspan teen die gemeenskaplike vyand, word die kettings van die kapitalisme verskeur. Daardie dag het, wat die Ossewabrandwag betref, gekom. Die Christelik-nasionale Afrikanerdom in ons geledere, konsekwent gekant teen die kommunisme sien in die sosiale lewensbeskouing, kortweg in die Sosialisme, die Volkspolitieke antwoord van ons een op die vraag „Is ek dan my broer se wagter?” Honderdduisende van ons broers en ons susters, in hul eie Vaderland houthakkers en waterdraers vir vreemde geldbase, kyk na ons, wat nog krag tot oorwinning het, en hul oë vra „My broer, my suster—hoe lank nog? Moet 'n Volk se armoede nooit 'n einde kry nie?”

En ons durf nie voor die regbank van die geskiedenis hulle beantwoord met die uitvlug „ons wou help, ons kon help, maar die listige vyand het 'n woord in ons pad gerol, die woord „Sosialisme”. En voor daardie woord het ons teruggeleins—en die arm Afrikaner moes maar armer word”.

Nee. Die Ossewabrandwag is klaar met die kapitalisme en met sy hand-langer, die Demokrasie, en sien ons enigste politieke heil in 'n Gesagstaat deurdrenk nie net met Christelike Nasiona-lisme nie dog net so deurdrenk met Christelike Sosialisme. En ons oorwinning is op daardie Republikeinse Gesagstaat gerig.

Lank lewe die Ossewabrandwag!

HANS VAN RENSBURG.

Teken u in op Wapenskou?

Lesers van die O.B. word daaraan herinner dat Wapenskou een van die beste tydskrifte is wat tot beskikking van die Afrikaner staan om hom wetenskaplik in te lig oor die probleme van die Afrikanervolk en die rigting wat aangedui word deur ons vooraanstaande wetenskaplike denkers om dit deur middel van die volksbeweging op te los sodat die Afrikaner die voordeel wat hom toekom daaruit kan behaal.

Skryf aan Wapenskou-Administrasie, Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch. Intekengeld is 5/- per jaar.

Munisipaliteit van Robertson.

KENNISGEWING
No. 73/1943.**BENODIG**

Vyf messelaars vanaf 15 Januarie of begin Februarie 1944, vir minstens 6 maande.

Doen aansoek by die ondergetekende op of voor 10 Januarie 1944 en meld lone verlang en ondervinding.

Op las,
(Get.) G. W. VAN ROOYEN,
Stadsklerk.

Munisipale-Kantore,
ROBERTSON.
10/12/43.

ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERDERS.

Munisipaliteit van Robertson.

KENNISGEWING
No. 72/1943.**Tenders vir Dek van Munisipale Sub-ekonomiese Huise**

TENDERS, as sulks gemerk, sal deur die ondergetekende ontvang word tot op Saterdag, 15 Januarie, 1944 vir die dek van 22 Munisipale Sub-Ekonomiese huise.

Volle besonderhede insake omvang van werk kan op aanvraag by die ondergetekende verkry word.

Die suksesvolle tenderaar sal verwag word om teen die einde van Februarie 1944 met die werk te begin.

Op las,

(Get.) G. W. VAN ROOYEN,
Stadsklerk.

Munisipale-Kantore,
ROBERTSON.
10/12/43.

Markagentskap

**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS,
MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE!!**

MINNAAR EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

**VROEË MÔRE MARK
KAAPSTAD**

Telefoon 20212.

Ous het genoeg om hiermee al ons ondersteuners van harte te bedank vir hulle gewaardeerde ondersteuning in die afgelopen jaar. Ons wens u almal 'n baie gesende Kers' es en gelukkige Nuwejaar

DEFTIGE TABBERDS IN TWEE STUKKE
— LINNE- EN KATOENROKKE —
LINNEBAADJIES en BAADIJEPAKKE
SOMERJASSE
MODERNE DAMESHOEDE
KINDERHOEDE
ONDERKLERE
SYKOUSE

'n Groot verskeidenheid
EGTE LEER HANDSAKKE

By

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMESMODISTE.

Hartlike Kersfees en Nuwejaarswense

Geklassifiseerde Advertensies

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Handelsadvertensies: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

Persoonlike Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelede is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTERKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar). Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

GEBOORTE

JANSE VAN RENSBURG. — Aan Hoof-Komdt. en Asst.-Veldkte J. C. Janse van Rensburg, Beaufort-Wes, 'n fris O.B.-seun op 28 November. Lank lewe die Ossewabrandwag!

VLOK. — Aan sersant en sersante Vlok, Snyerspos, Sutherland, 'n fris O.B.-seun op 22 Oktober. Naas die Heer dank aan suster.

LOUBSER. — Aan Komdt. en Komdt. W. A. Loubser, 'n fris O.B.-seun op 2 November 1943. Naas God dank aan verpleegster.

CLAASSENS. — Aan Veldkornet en mev. Claassens van gebied Etac2, 'n fris O.B.-dogter op 28 Oktober 1943. Die Boerejeug groei aan.

NEL. — Aan mr. en mev. S. J. Nel van Brakpan 'n fris O.B.-seun op 2 November 1943. Naas God, alle dank aan dokter en suster.

SMIT. — Aan mr. en mev. F. A. Smit, Fredericksburg, Tiervlei, 'n fris O.B.-dogter op Saterdag, 11 Desember. Albei wel. Dank aan die Heer en suster.

BOTHA. — Aan mr. en mev. Botha, Millikenweg, Pietermaritzburg, fris tweeling-dogters op 4 September. Die O.B. groei met reënse skrede.

VERLOWING

PAGEL — SCHWARZ. — Hiermee wens ons twee, Edna Pagel, jongste dogter van mr. en mev. C. P. Pagel, Isideng, Stutterheim en korporaal Fritz Schwarz, tweede oudste seun van mr. en mev. F. G. Schwarz, Isideng, saamgelede, Stutterheim, aan familie en vriende(inne) bekend te maak dat ons op die 24ste November verloof is.

DE BEER — COETZER. — Ons tweelings, Emmenella (Emma) de Beer, van Groblersdal, en Johannes (Hannes) Coetzer van Marble Hall, wens aan alle familie en brandwagte, bekend te maak dat ons op die 4de Desember verloof geraak het.

HUWELIK

VAN DER MERWE — VAN SCHALKWYK. — Hiermee wens ons twee, Hennie van Schalkwyk, Amice, Fraserburg en eers. Willie van der Merwe, Stathoff, Gebied B, Cradock, bekend te maak dat ons gaan trou D.V. op Dinsdag, 28 Desember om 3-uur n.m. te Beaufort-Wes. Alle offisiere en brandwagte is hartlik welkom. Geen kaartjies. Gelukwensing: Goodhope Kafee, Beaufort-Wes.

DOODBERIG

LOOTS. — Met innige verlange dink ons aan ons dierbare eggenoot en vader G. J. J. Loots, Gladstoneland 15, Brakpan wat op 4 Oktober 1943 op so 'n tragiese wyse van ons weggeruk was in 'n myn-ongeluk. Jou plek is leeg, jou stem stil, ons swyg o Heer, dit was U wil. Die treurende eggenote en kindertjies, M. Loots, Basie, Freddie en Yvonne.

WILSON. — Tragies was die dag van 18 November 1943 toe die 20 maande oud seuntjie Pieter, van velkornette en mr. W. E. Wilson van Waterberg-Suid-Kommando, verdink het in 'n klein dammetjie op hul plaas. Sy heenkruip word diep betreur deur die bedroefde ouers, familie en vriende.

IN MEMORIAM

VAN COLLER. — In heildevolle herinnering aan ons geliefde eggenote en moeder, Gertie van Coller, van wie ons moen afskeid neem op 16 Desember 1943. Haar eggenoot en kinders.

DANKBETUIGING

Hiermee wens ons alle O.B.-offisiere en brandwagte van harte te bedank vir hulle hulp, liefde en simpatie met die dood en begraving van ons dierbare eggenoot en vader. Die Loots familie.

Graag wil ek deur ons blad alle offisiere, Brandwagte en vriende hartlik dank vir hul goeie wense op my verjaardag. Generaal H. A. J. du Toit.

PERSOONLIK

Komdt. Ferguson van Bellville wens hiermee al die iede hartlik te bedank vir die nuttige geskenk aan haar deur hulle gegee, asook goeie wense vir Kersfees. 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar vir u almal.

VERJAARDAGWENS

Carel Frederick Kriel, ontsnapt, tans voortvluggend, groete en heilwense met jou verjaardag van almal tuis. Moeder.

BETREKKING

ONDERWYSERES vir twee kinders klas II en Std. II. Aanslag eerste kwartaal 1944. Goewernmentslabas. Moet O.B. goedgesind wees. Aanslag: Danie Boshoff, Jonbertavlel, P.K. Moorfrivier, Natal.

TE KOOP AANGEBIED

VIR Kerkraadslede, twee manelle. In baie goeie orde. Vir pryse skrywe aan: P. J. Scanell, Posbus 82, Utrecht.

TE KOOP GEVRA

GEVRA. — 'n Opregte geregistreerde Afrikaanerbul, ook 'n paar jong koeie en verse. Koeie en verse moet gepraedeer en van rooi-water-hartwater veld wees. Volle besonderhede met pryse aan: „Boer,” p/a. Van's Concrete, Potgietersstraat 384, Pretoria.

TE KOOP

KOLLANDER — vars en sterk-gegeurd 3 pond netto gewig; gelewer aan u naaste posadres teen 3/6. Spesiale prysopgawe vir 100 sakke. Wortelsaad van uitgesoekte wortels 10/- per pond, gered vanaf Januarie 1944. P. W. Kloppers, Paul Krugerstr., Robertson.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plote en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rente coere J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspreekweldende verowering van die meubelmak deur 'n sulwer Afrikaanse-onderneeming? Excelsior Meubels se pragtbrochure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabriek in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brochure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brochure aan: Excelsior Meubels Repark, Posbus 6670, Johannesburg.

BESTE Kwaliteit bomele-tee; 80 pond 18/-, 45 pond 10/-, 20 pond 5/-, 10 pond 3/6. Vars aartappels 13/-, gelewer Bushalte Speelmanskraal. K.M.B. Burger Jonck, Kilprivier, P.K. Speelmanskraal, George.

WANGANELLA RAMME. — Opreggeteelde Wanganella Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944, teen billike pryse. Groot kassasse en hoë kwaliteit wol die kenmerke. Bestel vroegetydig ten einde telestelling te voorkom. F. S. Olivier, P.S. Oude Land, Dist. Graaff-Reinet.

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6, 50 pond 10/-, 25 pond 5/6. Beste-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagenaar, Kilprivier, P.K. Speelmanskraal, George.

HERHOLDT se BOOMKWEKERIE, Posbus 660, Johannesburg.

Ons voorrade van Vrughtebome en Rose was vroeg uitgeput die afgelope Plantseisoen, ons simpatiseer met die van ons klante wie se benodigdhede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u geleefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!

Sierstruik, Uitlandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting. Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (1)

VERJAARDAGKETTING

Aangesien die volgende uitgawe van die O.B. eers op die 5de Januarie weer verskyn, word die Verjaardagketting vir drie agtereenvolgende weke in hierdie uitgawe geplaas.

16 Des.: Engela du Toit, Kakamas; Harry Sampson, Port-Elizabeth; Engela E. du Plessis, Merweville; Wilhelm Lombard, Agter-Paarl; Catharina E. Marais, Kirkwood; Willem de Meyer, Pietersburg; Tessie Ackermann, Windsorton-Weg; Joachim Janse van Rensburg, Clocolan; John van den Berg, Fouriesburg; Anna J. Meyer, Vryburg.

17 Des.: Adolf Hitler Janse van Rensburg, Clocolan; Johanna le Roux, Tiervlei; Gustave Muller, Sutherland; Josef le Roux, Tiervlei.

18 Des.: Hendrik Briedenhann, Boskuil; Helene van Niekerk Louw, Tamboerskloof; Catharina Wilhelmina Olivier, Lambrechtsdrift; Jacoba van Niekerk, Wellington.

19 Des.: Hester J. Nel, Upington; Bertrina Barnard, George; Rhoda Gooßen, Wellington; Francois Gillie, Wellington.

20 Des.: George Grundling, Kirkwood; Jogeom P. Baard, Moorreesburg; Berta E. le Roux, Ceres.

22 Des.: Kitty Henn, Wolseley; Magdalena J. Louwrens, Vryburg.

23 Des.: Magrieta Boshoff, George; Sagrys van Staden, Amalia; Retha van der Walt, Kaapstad; Johanna P. Erasmus, Merweville; Gert Kruger, Upington; Francina Toerien, Daljosa-phat.

24 Des.: Maria C. E. de Wet, Aughrabies.

25 Des.: Maghrieta Blumenthal, George; Anemarie Andrag, Stellenbosch; Ilse Andrag, Stellenbosch.

KERSGROETE

Mr. en mev. Baba Blakenberg, Bellville, wens al hul vriende 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar, en aan al die Leiers die besondere leiding van die Allerhoogste vir die taak wat voorlê.

Die Jengleier wens alle offisiere en brandwagte van die Boerejeug 'n geseënde Kersfees: Met geloofsvertroue tree ons die Nuwejaar tegemoet.

Die Papendorp Vrouekommando A.129 wens hiermee ons K.G., A.K.G., ons Genle. mev. du Toit, die Hoofkwartier-staf en alle ander offisiere en brandwagte, 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Hoofgeneraal en Asst. Hoofkomdt. mev. Jurgens Schoeman en gesin, wens ons Kommandant-Generaal met die Groot Raad, die Adjunk-kommandant-generaal, die Gebiedsleiers met al hul offisiere en brandwagte oor die land en die hoofde van die verskillende afdelings van die Ossewabrandwag met hul personeel 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. Aan die gevangenes en gefinterneerdes met hulle families bid ons Gods seën en genade toe.

Gebieds-Hoof/Genl. J. F. van der Merwe: Vir hierdie Kersfees en Nuwejaar my hartlike wense aan my strydende mede-Afrika-ners. Aan die Kommandant-Generaal, die Adj.-Komdt.-Generaal, my kollegas, mans en vroue, alle offisiere en brandwagte, die Boerejeug van Gebied C, en in die res van ons land die voortvlugtelings, gefinterneerdes, gevangenes en die ongenoemde staatsmakers, Gods rykste seën en bystand in u werk. Mag hierdie jaar met sy swaar en foltering, sy senuwee-tergende gebeurtenisse, u verder louter en bekwaam vir die taak waarvoor elk van u geroepe is.

Die Bestuur van die Kaapstadse Remskoer-Toneelvereniging wens sy lede, ondersteuners en alle belangstellendes 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe, en spreek die hoop uit dat hul weer volgende jaar op u milde ondersteuning mag reken.

Kommandant en H/Komdt. P. Röcher, La Rochelle, Velddrift, wens die Kommandant-Generaal, Adjunk-kommandant-generaal, Genle. Du Toit en alle mede-offisiere en brandwagte 'n geseënde Kersfees en gelukkige nuwejaar toe.

Veldkt. en Kommandante Theron en hulle moeder mev. C. G. Immelman, Sutherland, wens hiermee al hulle vriende, volksgenote en familie 'n blywende Kersfeesvreugde en 'n geseënde en voorspoedige Nuwejaar toe. „Die Heiland is gebore.”

26 Des.: Anna M. Marais, Kirkwood; Sanette Hugo, Franschoek; Marius F. van der Walt, Port-Elizabeth.

27 Des.: Louisa C. Nel, Aughrabies; Hettie H. Hugo, Tiervlei; Sarepta C. Vivier, Beaufort-Wes; Annette Jooste, Stellenbosch; Johannes F. Venter, P.K. Schuinsdrift; Hester M. Verster, P.P.Rust.

28 Des.: Bettie du Plessis, Sutherland; Henrietta Joubert, Stellenbosch; Anna A. Flok, Beaufort-Wes.

29 Des.: Francois N. Esterhuizen, Beaufort-Wes; Johanna Smit, Parow; J. L. Luttig Theron, Fraserburg.

30 Des.: Elizabeth M. A. Verwey, Beaufort-Wes; Chris P. Burger, N. Paarl; Radie Melville, Humansdorp; Anna van Deventer, Middleton; Franseen Smuts, Franschoek.

31 Des.: Gawie Erasmus, Maribogo; Baynard Grundling, Kirkwood; Evelyn Ungerer, Kirkwood.

1 Jan.: Jacobus le Roux, Stellenbosch; Annette Lombard, Pearson; Gesina du Plessis, P.K. Bosmansrust; Jacomina Boshoff, Upington; Dawie Blignaut, Agter-Paarl; Tobias W. Roux, Kirkwood; Alice Harnamse, Port-Elizabeth.

2 Jan.: Elizabeth S. A. Erasmus, Merweville; Johanna Bosch, Humansdorp; Loui A. G. Wessels, Kirkwood.

3 Jan.: Susanna van Staden, Amalia; Martha S. Briedenhann, Boskuil; Milla Smith, Kaapstad; Aleeta Bekker, Beaufort-Wes; Anita Zeeman, Parow; Elizabeth S. A. Erasmus, Tiervlei.

4 Jan.: Janetta E. van Meulen, Aughrabies; Bessie de Villiers; Vredehoek; Samuel Gideon Wessels, Kirkwood.

KERSGROETE.

Mr. en mev. Jan C. Viljoen, Breërivier, wens al hul vriende 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

H/Komdt. Volgt, Paarl, wens al haar mede-offisiere en brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Die Vrouekommando van Kuilsrivier wens hiermee die Ossewabrandwag 'n gelukkige Kersfees en geseënde Nuwejaar toe. Mag die nuwe jaar vol ryke seeninge en vooruitgang wees. Ons vertrou dat ons die stryd wat voorlê moedig sal aanpak en volvoer tot 'n geseënde einde.

Mr. en mev. Fanie Jordaan en gesin, Sutherland, wens familie, vriende(inne) 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe.

Komdt. en Komdt. D. G. Steyn, Dullstroom, wens Brandwagte en vriende 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

Komdt. mev. Basson van Stellenbosch, wens alle mede O.B.'s 'n geseënde Kersfees en Nuwejaar toe.

Heil! Genl. en Komdt. J. J. Duvenhage, Swartkops, Steynsburg, wens 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe aan die hele Ossewabrandwag van die K.G. tot die jongste brandwag. Voorwaarts!

Prof. en mev. D. J. van Rooy wens al hul O.B.-vriende 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

Kommandant en Kommandante Scholtz van Loxton stuur Kers- en Nuwejaarsgroete aan hul offisiere en brandwagte, en sê baie dankie vir lieflike samewerking met fondsdag.

Tannie Theron, Bellville, wens hiermee die Moorreesburgse manne- en vrouekommando's 'n baie geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar toe. Werk mooi saam soos ek julle ken. Een vir Almal, Almal vir Een.

Meubels !!

Pryse Styg Vi-nig

KOOP NOU!!

Gee STINKHOUT GESKENKE hierdie jaar

ONS HOU ALLEENLIK DIE BESTE KWALITEIT MEUBELS in voorraad

Werda-Meubelhandelaars

(EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou KAAPSTAD

Foon 2-6806 - Bus 210

Ons dank al ons kli-ente vir hulle onder-steuning in die afg. lope jaar, en wens u een en almal 'n baie geseënde Kersfees en 'n voor-spoedige Nuwe Jaar.

Uitgegeen deur Voorslag (Edms.) Bepark. Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ee-le-ala-Druckery, Die Laan, Stellenbosch.

DIE O.B.

'n Beperkte getal volledige stelle van Die O.B., Tweede Jaargang, in boekvorm gebind, met harde omslag, is nog verkrygbaar teen

17/6

Per Stel Posvry

KONTANT MET BESTELLING.

Hierdie versameling is van groot geskiedkundige en praktiese waarde in ons huidige stryd.

BESTEL ONMIDDELIK!!